Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14 / no. 11
November 2005

TUIS!

Al meer kom ek onder die indruk vanuit die Skrif dat die kerk ‘n plek is (lees: “behoort te wees”) waar gebroke mense tuis moet kan kom. Tuis soos die manier waarop die bekende Psalm 23 daarvan praat. Tuis by die Here. Só eindig daardie Psalm tog? By die Here sal ek ‘n tuiste vind vir altyd. Tuis, nie om my sondige self uit te leef nie, maar met my (ook sondige) gebrokenheid gehelp te word. As ons só ‘n tuiste by die Here gevind het, kan ons saam sing dat “net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe”. Dit is wat dit beteken om by die Here ‘n tuiste te vind. Dan mag ons weet dat so lank die Here my herder is, sál niks my ontbreek nie. Solank Hý my maar lei. Ook deur “’n dal van doodskaduwee” … dan sal ek nie bang wees nie.

In die gemeente van Christus mag niemand ongetroos onder die druk van siekte, eensaamheid, ouderdom of armoede leef nie. Hierdie woorde kom uit die Formulier vir die bevestiging vir diakens. Die lys van ellendes waarin mense getroos moet word, kan nog baie uitgebrei word. Oor die troos wat hier bedoel word, hoef daar by ons geen onduidelikheid te wees nie. Dit is die troos van die evangelie van Christus. Troos wat heel konkreet hande en voete kry deur barmhartigheid wat gemeentelede teenoor mekaar bewys en wat voortvloei uit die dienende liefde van Christus.

Die gemeente is ‘n plek waar ons dus oog kry vir die nood van ander. Terwyl ons self leer lewe uit die ontferming van die Here oor ons, leer ons dat hierdie liefde van die Here ook ander wil bereik. Ons mag versorg word en tegelyk mag daar versorging deur die gemeente self gedoen word. Versorging *vir* ons, maar ook versorging *deur* ons. Die reikwydte is dan ook nie net die gemeente self nie. Die liefde vir ons naaste eindig nie by die grense van die gemeente nie. Bogenoemde formulier praat van ons liefde wat jeens mekaar en *alle mense* sal toeneem. Hiermee kyk ons uit by die vensters en deure van die kerk. Na buite. Die gemeente steek ‘n helpende hand uit na mekaar (binne) én na buite (alle mense).

Wat hoort alles by hierdie onderlinge sorg waarvoor ons verantwoordelikheid ontvang? Hulp vir mekaar. Bystand. Begeleiding. Dit beteken dat ons mekaar help in die maak van (geloofs)keuses. Hulp in die lewe vanuit geloof in Jesus Christus. Hierdie sorg sluit ook my naaste se kinders in. Daar waar nood is, kan ons nie op ‘n afstand bly staan nie. Veral omdat die nood van ons naaste se kinders dikwels die gevolg is van die gebrekkige of totale afwesigheid van sorg deur die ouers. Soms is die gebrek aan sorg die gevolg van onvermoë en soms sondige onwilligheid. Wat ook al die oorsaak van die nood, ons roeping is om mee te werk dat ons naaste se kinders tuis kom by die Here.

EV

In Hierdie Uitgawe

Tema: Ander se kinders, ons sorg

- **Die doop ook vir aangenome kinders 2**
- **Nuwe kinderwet 4**
- **Kinders van die gemeente 6**
- Die profeet Jeremia 7
- Vaselinetjie 10
- Sing soos jy glo en glo soos jy sing 11
- Die Christelike alternatief vir ewolusie? 14
- Vertel dit aan die kinders 16
- Die wêreld na Immanuel Kant 19
- Die Sondag onder druk ... 21
- ICRC-konferensie 22

VIR JULLE, JULLE KINDERS EN ALMAL WAT DAAR VER IS:

Die doop ook vir aangenome kinders?

Ds E Viljoen

TEMA: ANDER SE KINDERS, ONS SORG

Wanneer gelowige ouers 'n kind van die Here kry, dan volg daar altyd die doop van daardie kind. Ons glo dat ons kinders deur die doop as teken van die verbond 'n plek kry in die gemeente van Christus. Ons kinders moet op hierdie manier van die kinders van ongelowiges onderskei word (vgl. Vr & antw. 74 HK). Aan ons kinders word nie minder nie as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlos-sing van die sondes beloof. Die Heilige Gees wat die geloof werk, word ook aan ons kinders beloof.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943
E-pos (stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma
Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie:
Mev. G van der Meulen
Posbus 23931
Gezina 0031
Sel. 084-607-6072

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos • 40

JY EN JOU NAGESLAG

Die vraag kan natuurlik gestel word of ook kinders, wanneer hulle deur gelowige ouers aangeneem word, óók gedoop moet/mag word. Het die Here nie met Abraham en sy fisiese (bloed) nageslag sy verbond gesluit nie? Indien 'n aangenome kind ook gedoop word, op grond waarvan sal ons dit doen? Sê die Here nie uitdruklik vir Abram (sic!) dat "die een wat uit sy liggaam sal voortkom" sy erfgenaam sal wees nie (Gen. 15:4)?

Dit sal ons maklik kan laat dink dat die grond vir die doop van ons kinders geleë is in die feit dat ons hulle verwek het. Die Here wys juis vir Abram 'n heel ander basis vir sy verbond. Dit is nie Abram se bloed nie, maar God se belofte wat gehandhaaf moet word. Die basis van die genadige belofte kom juis mooi na vore uit die feit dat Abram geen nageslag kan verwek nie!! Abram en Sarai word getref met kinderloosheid! Hulle kan geen kinders van hul eie kry nie. Vir Abram en sy nageslag is daar 'n toekoms met die Here, net omdat hy die Here geglo het (Gen. 15:6). Die grond vir sy geloof, is die belofte van God. Dit is dan ook aan hierdie belofte van genade van die Here, teen alle natuurlike onmag van Abram in, wat 'n heel besondere teken verbind word.

ONMAG

Wanneer Abram en Sarai kinderloos bly, dan bly die Here se belofte steeds staan. Selfs al het Abram en Sarai intussen 'n eie plan probeer maak om vir die Here uit Abram se krag 'n kind te kry. Die hele verhaal met Sarai se slavin vorm hiervan 'n getuienis (Gen. 16). Die Here het haar nie toegelaat om moeder te word nie. Die nageslag wat die Here vir Abram beloof het, is nie 'n saak van Abram se krag nie. Maar die Here laat sien dat sy beloftes werklik geglo en dat daarop vertrou kan word. Dit gaan nie oor Abram se fisiese nageslag nie, maar oor die Here wat groot in barmhartigheid is.

Na Abram se "eksperiment" met Hagar, verander die Here eers nog Abram se naam. Hy word Abraham. "Kyk, Abraham, dit is Ek wat jou 'n vader van 'n menigte van nasies sal maak" (Gen. 17:5). Maar dit is nie net Abram se naam wat verander word nie. Vir Abraham mag daar geen verdere eksperimente met sy voortplantingskrag wees nie. In God se toekoms met Abraham, gaan dit nie oor Abraham se "bloed" nie. Hy moet leer om 'n wonder van God te verwag.

WAAROM BESNYDENIS?

Die Here wil op 'n heel besondere manier laat sien dat dit nie vir die Here gaan oor die vrugbaarheid van Abram nie. Daarvoor word 'n besondere, maar sprekende teken gegee. Die voorste deel van die manlike geslagsorgaan moet af! Weg met die voorhuid (Gen. 17:11)! En dan nie net by Abraham nie, maar ook by almal wat manlik is in sy huis. Daar mag nooit weer die gedagte by hulle opkom dat dit hulle self is wat die geslag van God verseker nie. Dit word 'n teken van God se verbond. Teken van sy genade. Die Here sal self verseker deur Abraham 'n nageslag gee; 'n nageslag wat nie getel kan word nie.

Die besnydenis is daarom sommer 'n dubbele teken. Eers moet Abraham leer om te vertrou op wat God beloof het Hy self sal doen. Leer leef uit die Here se genade. Hy is immers die Almagtige wat kinders en 'n nageslag kan gee, waar geen mens meer hoop gehad het nie (Gen. 17:1). En dit is 'n belofte wat vir altyd bly staan. Daarom noem die Here dit sy "ewige verbond" (Gen. 17:7). Die

Here self máák Abraham buitengewoon vrugbaar (Gen. 17:6).

"… WAT NIE VAN JOU GESLAG IS NIE …"

In die tweede plek is dit ook 'n teken van Abraham se eie magteloosheid om 'n nageslag te kry. Elke keer weer wanneer hy en Sara gemeenskap het, moet hulle mekaar herinner dat dit net die Here is wat 'n nageslag vir Hom kan verseker. Daarvan dra Abraham immers vir hul albei 'n heel sigbare teken in sy liggaam! Sarai kry daarom ook 'n naamsverandering, want dit is die Here wat haar moederskoot vrugbaar sal maak (Gen. 17:15-16). Hý sal haar seën. Dit is nie Abraham se werk nie! Saam moet hulle leer om te leef uit wat die Here uit sy almag gee.

Om dit nog duideliker te laat sien dat dit nie oor Abraham se "bloed" gaan nie, maar oor Christus se bloed, sluit die Here ook nog hulle in wat nie van die "bloed" van Abraham is nie. Óók hulle "wat nie van sy geslag is nie", moet besny word (Gen. 17:12). In die huis van Abraham was daar ook plek vir sy slawe en hul kinders. Die wat in sy huis gebore is en wat met sy geld gekoop is, moes "sekerlik besny word" (Gen. 17:13). Sekerlik. Laat daaroor geen twyfel bestaan nie! Juis op hierdie manier moes die Here se verbond sigbaar word aan die liggaam van die mans in Abraham se huis. Waar daar geen bloed van Abraham is nie, geld steeds die belofte aan Abraham! In God se genade gaan dit immers nie oor ons "biologiese vermoëns" nie, maar die vermoë van die bloed van Christus!

ABRAHAM SE SLAWE, GOD SE KINDERS

Uit die Skrif is dit duidelik dat dit nie hier gaan oor die besnydenis van gelowige slawe of hulle kinders nie. Dit gaan hier oor God wat in liefde Abraham se slawe tot kinders van die Here maak!! Daaroor gaan dit wanneer ons nadink oor die doop van aangenome kinders deur gelowige ouers – oor God wat groot van barmhartigheid is. Dit is die blydskap wat ouers mag hê wanneer hulle jong kinders wettig aanneem.

Die Here God wat vir ewig wil laat sien dat Hy magtelose mense wil inskakel om instrumente te wees in sy almagtige krag. Daar waar in geloof geleef word uit die genade van die Here, laat Hy ook sy genade wyd uitstraal. Die lig van sy liefde (verbondsliefde!) val dan ook oor hulle wat deel vorm van die verantwoordelikheid van die gelowiges.

Ons sou wel kon vra of sake in die tyd na Christus se koms en veral met die uitstorting van die Gees van Christus nie verander het nie. Het die Here se werkmetode nie verander nie? Word die geloof in hierdie tydperk na Christus se hemelvaart nie meer verindividualiseer nie? As ons gewillig gaan luister wat die Woord van die Here hieroor sê, dan sien ons juis op watter mooi manier die werkmetode van die Here in die Ou Testament deurloop na die Nuwe Testament.

Op 'n besonder mooi manier kom dit na vore in die belofte van die profeet Joël oor die uitstorting van die Heilige Gees. Die Here beloof dat Hy sy Gees sal uitstort "op alle vlees" (Joël 2:28). Eers word die seuns en dogters van die gelowiges genoem. Hulle sal profeteer. Die Here giet sy Gees uit in oorvloed op sy hele gemeente. Nie een sal uitgesluit wees nie. Oor jonk en oud. Seuns en dogters. Soos wat 'n vol emmer omgekeer word in 'n stortvloed van oorvloed, kom die Gees op sy kerk. Nie meer drupsgewys soos 'n kraan wat drup nie. Jonk en oud praat nou oor die Here en met Hom in gebed.

Maar dit bly nie by hulle nie. Ons seuns en dogters sal profeteer, maar ook "die diensknegte en dienmaagde" (Joël 2:29). Die slawe en slavinne deel in hierdie genadebewys van die Here. Hierdie genade van die Here word finaal op Pinksterdag uitgebrei tot al die nasies. Uit die mond van Petrus hoor ons op Pinksterdag dat hierdie belofte (van Joël) die gelowiges toekom, en hulle kinders en almal wat nie deel van Israel is nie, maar die Here nog na Hom sal roep. Die uitstorting van die Gees is die vervulling van die beloftes van die verbond wat die Here met Israel gesluit het. Dit is nou die grond vir die oproep aan hulle wat bymekaar is op pinksterdag om hulle te bekeer en gelowig hulle hoop op Christus te stel.

ONDERSKEI VAN DIE ONGELOWIGES

Wettig aangenome kinders is nou die kind van die nuwe ouers. Hierdie kinders moet duidelik onderskei word van die kinders van ongelowiges. Hierdie kinders is nou kind en verantwoordelikheid van gelowige ouers. In die gemeente is daar vir hulle 'n plek in die gemeente van Christus. Hulle wat van nature (net soos ons almal!) ver weg van God was, word deur die Here se voorsienigheid naby aan Hom gebring.

Ook naby aan elkeen wat deel is van die gemeente van Christus. Deur die doop kry hierdie kinders 'n plek in die gemeente van Christus. Saam mag ons nou ons gawes in diens stel van die Here wat met sy genade in aangenome kinders se lewe 'n pad wil gaan. Ons gaan aan elkeen van die lidmate van die gemeente ons liefde nie alleen met die woord nie, maar ook met die daad bewys.

AANNEMING TOT KINDERS

Van die volk Israel word gesê dat aan hulle behoort die aanneming tot kinders van God (Rom. 9:5). Dit dui hulle besondere posisie aan – anders as al die ander volke Maar tegelyk dui dit ook die besondere manier aan waarop hulle kinders van God geword het. 'n Manier waarin dit nie afhang van die een wat wil of die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is (Rom. 9:16). Hierdie aanneming

NUWE KINDERWET

Willie Spies

TEMA: ANDER SE KINDERS, ONS SORG

Die eerste berigte oor ‘n nuwe Kinderwet het die land met ‘n skok getref. Die konsepwet kom reeds ‘n lang pad van byna sewe jaar en volg op aanbevelings van die Suid-Afrikaanse Regskommissie oor verskeie aangeleenthede wat kinders raak.

Die wet is reeds op 22 Junie vanjaar in die Nasionale Vergadering gedebatteer en goedgekeur, maar het in die tweede huis van die Parlement, die Nasionale Raad van Provinsies, vasgesteek, waar verlede maand (11 Oktober) nog openbare verhore oor sekere aspekte gehou is. Die konsepwet soos hy nou staan is dus nog onderhewig aan moontlike veranderings.

Die wet handel oor ‘n verskeidenheid aangeleenthede waarvan enkeles kortliks bespreek word.

LYFSTRAF

Die aanvanklike konsepwet het ook ingrypende bepalings oor die toepassing van lyfstraf in gesinsverband bevat, maar hierdie bepalings is vir eers laat vaar, nadat dit onder andere uit ‘n RGN-ondersoek aan die lig gekom het dat 57% van die land se ouers nog lyfstraf toepas en dus deur die inwerking-treding van die wet gekriminaliseer sou word.

MEERDERJARIGHEIDSOUDERDOM

‘n Ingrypende maar verstaanbare wysiging wat deur die wet ingevoer sal word, is die vermindering van die meerderjarigheidsouderdom vanaf 21 jaar na 18 jaar. Dit beteken dat ‘n 18-jarige na die inwerkingtreding van die wet self kontrakte sal kan sluit, sonder die toestemming van sy of haar ouers. Die vernaamste beweegrede vir hierdie wysiging is waarskynlik die feit dat ‘n 18-jarige reeds oor baie ander regte en verantwoordelikhede beskik. Die meeste 18-jariges het reeds hulle ouerhuise verlaat, hulle het byvoorbeeld wel die reg om te stem, staan moontlik in ‘n werksituasie en verdien hul eie inkomste, maar beskik nie oor die bevoegdheid om daardie inkomste onafhanklik aan te wend nie. Die wysiging is dus verstaanbaar, alhoewel dit gevestigde gesagverhoudings in gesinne effens kan omkrap.

ONGETROUDE VADERS

In ‘n Christelike samelewingsorde staan die huwelik (soos deur God ingestel, naamlik tussen een man en een vrou) sentraal in die regsraamwerk. Aangesien die huwelik tot dusver ook sentraal gestaan het in ons persone- en familiereg, het sekere regte noodwendig die huwelik gevolg. Op dié wyse het biologiese pa’s byvoorbeeld slegs toegangsregte tot kinders gehad binne die huwelik of in terme van ‘n geldige egskeidingsbevel waar huwelike ontbind was. Aan die ander kant het biologiese pa’s wel ‘n onderhoudsplig ten opsigte van hulle buite-egtelike kinders gehad.

‘n Paar jaar gelede het die Laurie Fraser-hofgedinge landwyd opslae gemaak. Fraser was die biologiese pa van ‘n kind by ‘n ongetroude jong vrou. Hy het wel sy onderhoudspligte nagekom, maar die jong vrou was nie geïnteresseerd in ‘n huwelik met hom nie. Hy wou egter graag toegangsregte tot die seun verkry en het gevolglik ‘n jarelange regstryd tot in die konstitusionele hof gevoer om dit reg te kry.

Die nuwe Kinderwet sal dit nou makliker maak vir ongetroude vaders om seker regte ten opsigte van hulle kinders te verkry. Die effek hiervan is dus dat die huwelik as sentrale toetssteen wegval en dat blote bewys van vaderskap voldoende is om sekere regte te verkry. Die pa moet dus net bewys dat hy wel tot die onderhoud van sy kinders bydra of met die ma van die kinders saamleef om te slaag met sy aansoek.

Uiteraard plaas hierdie bepalings verdere druk op die huwelik as instelling van God. Wat betref die geval Laurie Fraser, het Fraser wel onder die ou wette geslaag met aansoeke om toegang te verkry. Dit sou dus moontlik gewees het om biologiese pa’s in Fraser se posisie te help, sonder om afbreuk aan die huwelik te doen. Hierdie aspek van die wet kan dus nie gesteun word nie.

KINDERBESKERMINGSREGISTER

‘n Interessante nuwe verwikkeling wat met die nuwe Kinderwet saamgaan, is die daarstelling van ‘n sogenaamde Kinderbeskermingsregister. Die register gaan onder andere dien as ‘n sentrale rekord van alle persone wat al skuldig bevind is aan die mishandeling, molestering of misbruik van kinders. Die doel van hierdie register is om inligting beskikbaar te hê wat deur die polisie of geoorloofde kindersorgorganisasies gebruik kan word om die belange van kinders te beskerm. Op dié wyse sal daar ‘n meganisme

---

(vervolg vanaf bls 3)

tot kinders wil sê dat nie hulle kinders van God is wat “kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as nageslag” (Rom. 9:8). Dit gaan oor ons Here wat uitkies en roep. Só is Hy barmhartig oor wie Hy wil.

Vir ons bly daar maar een taak. Ons moet kom tot lof oor die diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God. Sy weë is ondeurgrondelik en ons kan dit nie naspeur nie. Wie het die gedagte van die Here geken en wie het vir Hom raad gegee? Wie van ons het ooit iets aan Hom gegee, sodat dit aan ons vergoed moet word? Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Die heerlikheid is syne tot in ewigheid (Rom. 11:33-36)! ¤

bestaan om byvoorbeeld te verhoed dat ‘n persoon met ‘n rekord van kindermolestering as huisouer by ‘n kinderhuis aangestel word. Die bepaling maak sin en is ‘n positiewe ontwikkeling.

TOESTEMMING TOT MEDIESE BEHANDELING EN VOORBEHOEDMIDDELS

Die wet voer nuwe vereistes in met betrekking tot kinders se reg om toe te stem tot sekere sake en prosedures. Kinders ouer as 12 het nou die reg om sonder tussenkoms van hulle ouers toe te stem tot mediese behandeling en hulle kan ook vrylike toegang tot voorbehoedmiddels verkry.

Hierdie bepalings moet saamgelees word met die bepalings van die Wet op Keuse van Beëindiging van Swangerskap (wat kinders van 12 jaar en ouer magtig om sonder tussenkoms van hulle ouers aborsies aan te vra) en die voorgestelde Strafregwysigingswet (Seksuele misdrywe), wat reeds in 2003 gepubliseer is maar nog nie verder gevorder het as die konsepstadium nie. Die voorgestelde wysigings maak dit moontlik vir kinders tussen 12 en 16 om seksueel te ekperimenteer en oor en weer toe te stem tot seksuele omgang. Prakties sou dit beteken dat daar geen wetlike beletsel sou wees as ‘n 16-jarige seun met ‘n 12-jarige dogter seksuele omgang sou hê nie, mits daar oor-en-weer toestemming was. Onder die huidige wetgewing sou die kinders in hierdie geval skuldig wees aan onsedelike aanranding, maar die wysigings skaf die reg in dié verband af. Die verlaging van die

toestemmingsouderdom by kinders is ‘n kwessie wat wêreldwyd deur homoseksuele drukgroepe bevorder word.

Die onaanvaarbaarheid van hierdie bepalings vanuit ‘n Christelik-etiese oogpunt, spreek dus vanself.

SURROGAATMOEDERSKAP

Surrogaatmoederskap is ‘n prosedure waardeur kinderlose egpare (of dan net pare) gebruik maak van ‘n derde party wat deur middel van kunsmatige bevrugting die embrio ontvang en uiteindelik geboorte skenk aan die baba wat dan weer aan die biologiese ouers besorg word. Surrogaatmoederskap is nie onwettig in Suid-Afrika nie, alhoewel dit ‘n omstrede kwessie is en vanuit ‘n Christelik-etiese oogpunt nie regverdigbaar nie, omdat dit die huwelik as ‘n eenheid tussen een man en een vrou wat deur God se genadige, onfeilbare en alwetende beskikking gesëen word met die vreugde van kinders, ondermyn.

Tot dusver was hierdie praktyk ongereguleerd. Die regsrisiko het dus altyd bestaan dat dispute oor wie die biologiese ma van die kind is, kon ontstaan. Die nuwe Kinderwet stel streng vereistes waaraan voldoen moet word alvorens die kunsmatige bevrugting van ‘n surrogaatma mag plaasvind.

Die wet gaan dus nie verder as om bloot ‘n onetiese praktyk te reguleer nie.

SAMEVATTEND

Met die omwenteling wat in 1994 plaasgevind het, het Suid-Afrika ‘n sekulêre staat geword. Dit beteken dat die bron van reg en verkeerd nie meer gesoek word by die Bybel nie. Die grondwet en die Handves van Menseregte het binne hierdie bestel die enigste toetssteen geword vir die beoordeling van wette wat deur die regering ingestel word. Die kenmerkende van hierdie stelsel is dat wetgewing algaande geneig is om *minder normatief* van aard te raak oor morele kwessies en *meer regulerend.*

Die taak van Christene is dus soveel swaarder as voorheen, deurdat Christene nie meer, soos voorheen, die luukse het van wetgewing wat die gemeenskappe waarin hulle woon, rig volgens reëls wat Bybelse voorskrifte in stand hou nie. Die plig op Christene is dus enersyds om in hulle gesinne soveel te meer as priesters, profete en konings te bid vir hulle kinders, te profeteer aan die hand van die Woord en te heers oor hulle huisgesinne aan die hand van die ewige waarhede wat God aan ons in die Skrif openbaar. Andersyds moet ons ook die regering herinner aan sy mandaat om so te regeer dat die Here gedien kan word en Christus se Koningskap op elke terrein erken word. ¤

Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:

Desember 2005/Januarie 2006: God met ons

Februarie 2006: Vreemdelingskap

KINDERS VAN DIE GEMEENTE

Martin de Wit

TEMA: ANDER SE KINDERS, ONS SORG

Opvoeding is 'n belangrike, maar dikwels sensitiewe taak. Die meeste Christen-ouers sal ook met erns hierdie taak benader, maar sien dit as iets wat hulle self moet aanpak en vermag. Word die opvoedingstaak egter nie alte dikwels te individueel aangepak nie? In hierdie artikel word geargumenteer dat hierdie taak nie net ouers aangaan nie, maar die hele gemeente.

Individualiteit in ons Westerse samelewing is nie vreemd nie. Ons het ons eie huise, eie beursies, eie motors, eie skulde, eie loopbaan, eie kinders, eie opvoedingstaak ... Ons kinders moet vervolgens die beste kanse in die lewe gegun word, moet voorbly met akademie, sport of kultuur, en moet net nie agterbly by die "trends" in die groep waarin hulle beweeg nie. En niemand moet asseblief sy of haar neus in jou sake steek as dit by die opvoeding van jou kinders kom nie. Wie is jy om iets oor my kinders te sê? Het julle dalk 'n wenresep? As elkeen maar by sy eie sake bly, dan is dit die beste vir almal. So word alte dikwels geredeneer.

Natuurlik dra ouers die eerste en grootste verantwoordelikheid ten opsigte van die opvoeding van hulle kinders. Die feit dat Christelike gesinne in die gemeente van Christus verenig is, bring tog 'n ander, ryker en ook bevrydende perspektief.

Alle kinders word in sonde ontvang en gebore, maar kinders van Christen-ouers is vir God baie spesiaal. Hulle word in Christus geheilig en daarom as lidmate van die gemeente gedoop. Hierdie doop vind in die teenwoordigheid van die gemeente plaas en dien tot opbou van die hele gemeente. Die doop nooi almal uit om weer stil te staan by God se verbond met sy uitverkore volk en die afwassing van hulle eie sondes. Die ouers lê die doopbelofte af in die teenwoordigheid van die gemeente. Hulle neem dit op hulle om die kind sy/haar doop te leer verstaan en alle lidmate word opgeroep om hierdie belofte saam aan te hoor.

Die huwelik waaruit die kind gebore word, is vervolgens 'n afbeelding van die band tussen Christus en sy gemeente. Hierdie huwelik is verklaar voor God en sy gemeente en dien tot opbou van die kerk van Christus. As daar kinders uit so 'n huwelik mag kom, het hulle 'n besondere plek in die gemeente van Christus. Hulle is deur God se genade ook onmiddellik, sonder enige verdienste van hul kant, beelddraers van die groot Bruidegom.

Die gemeente waarin sulke kinders gebore word, is ook besonder. Dit is 'n *heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo* (Art 27 NGB). Almal is ook verplig om hom of haar by hierdie vergadering van gelowiges aan te sluit. Die redes daarvoor is ook duidelik uitgespel (Art 28 NGB), naamlik om die eenheid van die kerk te bewaar deur almal aan leer en tug te onderwerp, om die nek te buig onder die juk van Jesus Christus en om die gawes te gebruik wat God gegee het om die broers en susters in die opbou van hul geloof te dien. Deur God se genade word kinders in so 'n vergadering geheilig en ook ingelyf.

Elke nuwe dopeling in sy gemeente bou aan hierdie heilige vergadering. Dit bring vreugde as daar kindertjies toevertrou word aan ouers in die gemeente, omdat ons weet dat hulle deel is van God se Verbond. Maar is dit van daar af dan maar die ouers se eie saak hoe kinders opgevoed word?

As ons die rol van die gemeente, die afbeelding van die huwelik en die doop weer eens onder die loep neem, is dit oënskynlik nie net die ouers se eie saak hoe hul kinders opgevoed word nie. Die kindjie word gebore uit 'n huwelik wat Christus se verbintenis met die kerk moet uitbeeld, die dopeling word geheilig deur Christus en ingelyf in die gemeente self, en daar is 'n opdrag aan almal om hulle by hierdie vergadering van gelowiges te voeg. Laasgenoemde veronderstel dat daar onderwerping aan leer en tug asook onderlinge diensbaarheid is. Waarom sou ouers dan probeer om hierdie taak alleen op hulself te wil neem? Ons doop ons kindertjies in die gemeente, ons roep die gemeente op as getuie, om dan vervolgens ons eie opvoeding te behartig en, prakties gesien, maar van die gemeente te vergeet?

Maar is dit nie 'n bietjie vergesog nie? Ons stuur mos ons kinders na gereformeerde laerskole as dié beskikbaar is? Hulle gaan ook mos katkisasie toe en woon Bybelstudieverenigings by? Ook gaan hulle tog elke Sondag saam kerk toe? En as hulle groter raak, selfs twee keer? Dis alles waar in die meeste gevalle, maar dit is nie waaroor dit hier gaan nie. In al hierdie dinge is ons baie geseënd, maar tog kan die tydsgees van die 'eie', die individuele, nog steeds die botoon bly voer. Skoling kan primêr gesien word as 'n moontlikheid om die kind te ontwikkel. Katkisasie, Bybelstudieverenigings en kerkbesoek is 'n manier om goeie moraliteit aan te kweek. Daar word aan 'n mens goeie riglyne geleer, maar as ouer moet elkeen sy eie opvoedingspad uitstippel en niemand anders het iets daaroor te sê nie.

Tog sal ons moet bly leer om ook om te sien na die ander kinders in die gemeente, net soos ons moet omsien na mekaar se geestelike welsyn. Die woord 'opvoeding' veronderstel dat daar 'n doel voor oë gehou word. Vir Christen-ouers is hierdie doel primêr om aan hulle kinders die realiteit van die sonde, die groot genade van Christus se lyde en sterwe vir al ons sondes, en die nodige dankbaarheid te leer verstaan. Ouers bly primêr verantwoordelik, maar hulle is deel van 'n gemeente aan wie dit opgedra is om mekaar met hulle gawes te dien.

Die realiteit is dikwels so anders. Sonde tussen kinders, ook in die gemeente, kan so direk en rou wees dat verhoudings tussen ouers egter versuur word. Die eerste reaksie is om aanspraak te maak op 'my' kinders se regte; dit is egter korrek om aanspraak te maak op die genade waarin ons almal, en ook ons kinders, mag leef in die gemeente. Die samelewing vereis dat jou kind 'n presteerder moet wees, en dat daarvoor baie sake opsy geskuif moet word; maar ons opdrag is meer verwoord in terme van diensbaarheid aan die gemeente en die opbouing van geloof onder mekaar. Dit lyk vir die wêreld vreemd as ouers mekaar en ook hulle onderlinge kinders aanspreek oor opvoeding, tydsbesteding, literatuur, speelgoed en Sondagsheiliging, om maar 'n paar te noem, maar ons mag weet dat dit 'n deel is van gemeente van Christus wees. Hierdie gemeentelike funksionering moet egter wel gekenmerk word deur die liefde waarmee Christus vir ons sondes gely het.

Kinders van die hele gemeente. Daar is geen area waarop die bevrydende werk van Christus nie aanspraak kan maak nie. ¤

DIE PROFEET JEREMIA

Ds Willem Griffioen

VENSTER OP DIE BYBEL

INLEIDING

Dit is vir my 'n worsteling om die profete Jesaja, Jeremia en Esegiël te lees. 'n Paar gedeeltes is oorbekend. Maar as ek 'n slag probeer om die boeke in sy geheel te lees, dan kry ek swaar. Al die oordele wat aangekondig word en al die oordele oor ander volkere. Dit is maar moeilik om die aandag daarby te hou. En dit is nie maklik om altyd iets te vind wat ons geloofslewe vandag raak nie. Ek het myself gedwing om 'n reeks preke oor Jeremia te maak. En ek moet eerlik sê, as 'n mens jou in die profete verdiep, dan word dit baie interessant.

Om maar net 'n paar dinge oor Jeremia te noem:
Hy het ongeveer 40 jaar geprofeteer. Die Here het dadelik gesê dat die mense nie sal luister nie en sy werk geen effek sal hê nie (1:18 en 19). Stel nou voor dat die Here dit vir my sou laat weet het. Jy is predikant, maar die effek van jou werk sal nul wees. Gaan en doen jou bes, 40 jaar lê voor jou. Hoe sou ek reageer? Is ek nie teveel gerig op positiewe resultate nie? Die effek op my werk is in Gods hand.

Jeremia blyk 'n gevoelige man te wees wat deur sy bediening dikwels baie eensaam was. Jeremia kry selfs die opdrag om nie na bruilofte te gaan en na huise waar rou is nie.

Eensaamheid was 'n opdrag van God (sien 16:1-19)! Dit is baie interessant hoe Jeremia persoonlik met die Here omgaan en laat weet hoe hy voel en dink. Jy kan dit lees in die persoonlike 'belydenisse' van Jeremia in Jer 11:18-12:6; 15:10-21; 17:12-18; 18:18-23; 20:7-18.

Wat ook opval is God se oneindige trou. Daar waar alles hopeloos geword het, omdat die mense tog nie wil luister nie, daar gaan God tog weer 'n stap verder en belooft herstel. Kom ons kyk 'n bietjie nader.

DIE TYD VAN JEREMIA

Jeremia 1:2 en 3 noem 3 konings van die tweestammeryk Juda: Josia, Jojakim en Sedekia. In dié periode was daar nog 2 konings, maar hulle regeertyd was so kort dat hulle nie genoem word nie. Koning Josia is bekend vir sy groot inspannings vir die geestelike herstel van die land. Josia herstel die tempel en die diens van die priesters in die tempel. In die tempel word 'n boekrol gevind met tekste van die wet van die Here God (sien 2 Kron 34:15 en verder). Die tekste is aanleiding tot skuldbelydenis voor die Here, tot berou. Deur oorloë word die grondgebied groter en dit lyk of die tyd van Dawid herstel word. Onder sy koningskap begin Jeremia profeteer. Opvallend is dat die positiewe beeld wat ons waarskynlik van Josia het, bygestel moet word as ons Jeremia lees. In Jeremia 3:6-11 word kliphard oor die bevolking gesê dat hulle hul nie met hul hele hart bekeer het nie. 'n Vertaling sê dit was 'n skynbekering. Dit was net uiterlik en nie met die hart nie.

Die goddelose Israel (voorgestel as die suster van Juda) is nog regverdig in vergelyking met Juda. Onder Josia begin Jeremia dus al met waarskuwings. Die Here kyk in die hart van sy kinders (!) en sien raak wat daar werklik is aan geloof en toewyding. Wat 'n spieël vir ons! Sit my geloof net aan die buitekant?

Die pottebakker wat die klei vorm, was vir Jeremia 'n sterk beeld van God en sy mense: wat bederf is, kan weer hervorm word. (Uit: Leer die Bybel beter ken - Mary Batchelor)

Die laaste koning waaronder Jeremia profeteer, is koning Sedekia. Na die opbloei onder Josia het die land vinnig agteruit gegaan. God se geduld is nou klaar. Al die oproepe van Jeremia tot bekering het nie resultate opgelewer nie. Onder Sedekia vind die ondergang van Juda plaas. Die 10 stamme is al meer as 100 jaar gelede in ballingskap weggevoer. En nou kom daar ook 'n einde aan die staat Juda. Die bevolking word weggevoer in ballingskap, Jerusalem word verwoes, die tempel word leeg geroof en ook verwoes. Jeremia ontvang ook bemoedigende woorde vir die ballinge. Die ballingskap is nie die einde nie.

Die tyd van Jeremia is polities gesien 'n interessante tyd. Juda is maar 'n klein land tussen die groot magte in die noorde en die groot mag, Egipte, in die suide. Josia kan sy land vergroot en die hervormings deurvoer omdat die Assiriese ryk invloed verloor. Die Babiloniërs versterk hulself en tas die mag van die Assiriërs aan. Die Assiriërs het ander hoofbrekens as 'n koning Josia in die mini-staat Juda.

In die jaar 605 v.C. behaal koning Nebukadnesar die beslissende oorwinning oor die Assiriërs. Wanneer die Babiloniërs hul mag gevestig het, begin hulle hul invloed na die suide uitbrei en so kom ook Juda weer onder druk te staan. Dit lei uiteindelik tot die ballingskap deur die Babiloniërs. Jeremia is getuie van die aanvalle op Jerusalem. Ook in dié tyd is daar tog weer tekens van hoop. In die tyd waarin sy profesie bewaarheid word, moet Jeremia dinge doen wat wys op herstel in die toekoms. Jeremia koop 'n akker (Jer 32:1-15) terwyl Nebukadnesar die stad beleër.

Die groot magte in die noorde en in die suide kom op verskillende maniere ter sprake. Juda soek gereeld steun by die grootmagte. Die Here laat weet dat Hy verontwaardig is. Waarom soek hulle hul krag en steun by volkere en nie by die Here self nie (sien bv Jer 2:13-19)? Die volkere kom ook op 'n ander manier ter sprake. Nie die maghebbers van groot volkere bepaal die geskiedenis nie. Maar dit is die almagtige God wat ook die volkere bestuur. Dit kom baie duidelik na vore in Jeremia 25:8-14. God noem Nebukadnesar sy dienaar om die volk van Juda te straf. En dit is ook God wat Nebukadnesar sal straf oor sy dade. Die hoofstukke 45 tot 51 bevat woorde van God vir al die volkere rondom Israel. In dié hoofstukke lê dreiging en troos. Dreiging, want ook die maghebbers van hierdie wêreld is ondergeskik aan die almagtige God. Hy sal hul dade oordeel. Gelowiges mag hul getroos weet. Die Ou Testament is 'n groot bewys daarvan dat die geskiedenis nie willekeurig is nie. God hou alles in sy hande. Die God is ons God, al kan ons sy bestuur nie deurgrond nie.

ENKELE BESONDERHEDE UIT DIE BOEK

Deesdae kan dit gebeur dat 'n predikant 'n voorwerp saambring op die kansel om iets te verduidelik. Sommige gereformeerdes begin dadelik roep dat slegs die Woord die geloof moet werk. Lees die boek Jeremia en ontdek hoe dikwels God simboliese handelinge laat gebruik om sy boodskap te verduidelik. Jeremia moet 'n linnegordel koop en in 'n rots gaan wegsteek. Later moet Jeremia die gordel weer terugsoek. Daar is niks van die gordel oor nie. So sal Juda verwoes en onbruikbaar word (13:1-11). In hoofstuk 19 koop hy 'n pottebakkerskruik en slaan dit stukkend by die Potskerwepoort. So sal God die stad Jerusalem vernietig. Jeremia moet 'n juk opneem en ronddra deur die strate van Jerusalem. So sal Nebuknesar 'n juk lê oor die stad en bevolking (Jer 27). 'n Boekrol met Gods oordeel oor Babel word na die ballinge gestuur. Hulle kry opdrag om dit in die rivier te gooi. So sal Babel sink en nie weer opkom nie (Jer 51:59-61).

Ook sonder voorwerpe is die taalgebruik dikwels beeldend. In Jeremia 2 word die woestyntyd (na die uittog uit Egipte) beskryf as 'n huweliksreis waarin God en die volk aan mekaar toegewy was. Vertroue op ander volkere word beskryf as vertroue op reënbakke wat geen water kan hou nie. En dit terwyl God die lewende water is (Jer 2:11-19).

Is jy al uitgeskel as egbreker? So verwyt God Juda as hulle op ander gode vertrou. God is die eggenoot wat beskerming, liefde en trou gee, maar die volk soek ander gode. Dit word vergelyk met 'n huwelik waarin die een party ontrou is. As ons naas God op iets of iemand vertrou, dan tref ons Hom in die diepste van sy liefde. Sy straf en oordele kom voort uit diep gekweste liefde.

TROOSBOEK

Dit lyk of oordele en straf die boek bepaal. Die opbloeityd onder Josia eindig in die ballingskap onder Sedekia. Maar as ons in die boek Jeremia soek na wie God is, dan ontdek ons heel ander lyne:

- Wat 'n ongelooflik liefdevolle en troue God het ons! By die volk is daar niks te vinde wat goed is nie. Maar God beloof herstel en opbloei. En Hy het die beloftes gehandhaaf!
- Die ou verbond is 'n swak verbond waarin daar geen krag tot gehoorsaamheid was nie. God gaan verder met sy werk. Hy belowe 'n nuwe verbond. Beter en kragtiger as die ou verbond (sien die Hebreër-brief). Hy gee sy wette in ons binneste (Jer 31:31-34). Die nuwe verbond het werklikheid geword toe God sy Gees in ons harte uitgestort het. God is altyd trou aan sy beloftes. Die hoofstukke 30 tot 33 word die Troosboek genoem!
- God loop oor van liefde en van verlange. Hy wil ons God wees en wil hê dat ons sy volk sal wees. Hy wil herstel van die paradyssituasie. As die volk ontrou is, roep die Here nie net dat hulle hul moet bekeer nie. God self belowe dat Hy die bekering sal werk (Jer 3:11-13 en 21-22).
- God gebruik heerlike woorde om sy verhouding tot die volk te tipeer: Israel is die eerste-ling van die Here (2:3), sy uit-verkore wingerdstok (2:21), sy geliefde bruid (2:2, 3:14), sy kudde (13:17), sy wingerd (12:10) en sy erfenis (12:7-9).

LEESAANWYSINGS

- Lees die profete saam met die boeke Konings en Kronieke. Dit vra heelwat inspanning, maar jy kry 'n beter oorsig oor die verskillende konings en die profete wat in 'n sekere tyd opgetree het.
- Die boek Jeremia word onge-veer 40 keer (!) aangehaal in die Nuwe Testament. Soek, as jy 'n verwysing raakloop, die ver-wysing op. 'n Paar voorbeelde: Openb 18 (Jer 50:8, 32, 51:49 en 50); Matt 21:13 (Jer 7:11); Hand 7:51 (Jer 6:19, 9:26); Rom 9:20-24 (Jer 18); Hebr 8:8-12 (Jer 31:31-34); en vergelyk bv Jer 7:12 en 14, 26:6 met Matt 23:39-24:1.
- Lees die persoonlike belyde-nisse (sien inleiding). Dit roep om wraak oor sy vyande en Jeremia vervloek sy geboorte-dag. Kan ons daarvan iets leer vir ons gebedslewe?

God spreek: *Keer terug, o afkerige kinders; Ek sal julle afkerighede genees.* Die volk antwoord: *Hier is ons, ons kom na U toe, want U is die HERE onse God.* (Jer 3:22).

Pas die vers op uself toe as u van die Here afgedwaal het. Roep dit orals rond in Suid-Afrika: "Keer terug!" Want God het sy Seun gegee om mense te red en te verlos van die ewige oordeel. ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

BELYDENISGESKENKE

FLOOR, L:
- Kom na My (Matt 1-13) – R20
- Uitgestuur (Matt 14-28) – R20

BOOYENS, M J:
- Deur die geloof (Heb 11) – R30
- Jou geloof het jou gered (gesprekke oor die geloof in die vier evangelies) – R30
- Die werk van julle geloof (gesprekke uit die boek "Hande-linge' oor die geloof) – R30

KEIZER, P K:
- Church history – R118

PELSER, P J:
- Evolusie en die Bybel – R89

SMIT, N (red):
- 'n Lewe voor die Koning – vir jou (Eerste titel: Jy word voor die Koning geroep) – R40,95

DE BRUYN, P J:
- Die gesonde leer – R33

D'ASSONVILLE, V E:
- Die Psalms sing van Christus – R90

DE WITT, A G:
- Psalm 1-50 (Vergeet My nie) – R30
- Psalm 51-100 (Jy is Myne!) – R30
- Psalm 101 – 150 (Loof die Here) – R30

VISSER, J R:
- Kus die Seun – Bybelstudie-stukke oor tien Psalms – R23

D'ASSONVILLE, V E:
- Gids vir Kerkgeskiedenis – R35

Interessante webruimte:
www.bijbelseplaatsen.nl

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad
Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

Pretoria
Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064

Vaselinetjie – deur Anoeschka Von Meck

Louise Haak

BOEKBESPREKING

“ *“Bosman vir pos, Bosman vir pos!”*
Die maatskaplike werkers se kantore is gedurende die vakansie gesluit, maar een is altyd op roep. Vir die kinders wie se koppe uithaak omdat hulle moet inbly, of die wat in elk geval so nou en dan die fyn horries kry sonder enige spesifieke rede behalwe dat hulle lewens suck.
Wie ook al aan diens is, kom loer by die sitkamers in en ruk die grotes wat mekaar aan die nek beet het los van mekaar af weg en deel die pos uit.
Vaselinetjie is bly dis nie meneer Kedibone nie, want sy het hom nog nie vergewe dat hy haar verniet na die vakansie laat uitsien het nie. Killer sê kinderhuiskinders leer om baie te verdra, maar hoop is die ergste. En die wreedste.
Dis ‘n pakkie van huis af. Sy kan sommer dadelik sien Ouma het dit toegedraai, want die tape is dubbeld geplak. Daarna het Oupa die boks netjies met tou toegedraai en vasgebind. In swart bewerige letters staan daar groot: Mej. Helena Bosman.
Sy pluk haastig die papier af. Binne-in is ‘n klomp eetgoed. Gekooptes en gebaktes. Sy wil nog vir Ouma-hulle kwaad wees dat sy in dié plek moet sit, maar hoe meer sy in die boks grawe, hoe meer gaan haar kwaad weg en klop daar ‘n huilverlange in haar keel.”

Sy is Helena Bosman van ’n piepklein dorpie doer ver in die Noord-Kaap, maar Oupa en Oumie noem haar sommer Vaselinetjie. Sy is hulle veldbosengeltjie, hulle hart se punt. Tot Vaselinetjie tien jaar oud is en die Welsyn haar laat wegstuur na die kosskool in Gauteng – die weeshuis waar Madiba se weggooikinders bly.

Dis ’n vreemde, harde, gevaarlike wêreld van skomgatkinders, kwaai huistannies en ’n hardvogtige, onregverdige koshuisvader; van entjies rook, hare laat afskeer en planne maak om te whallap. Waar niemand oor jou traak nie, en waar jy ook leer om oor niemand te traak nie.

Maar, soos die maande jare word, kruis een naam telkens Vaselinetjie se pad: Texan Kirby. En daardie naam loop reguit na haar hart.

Dit is Anoeschka Von Meck se tweede boek en is gebaseer op haar ervarings as ‘n kinderhuiswerker en bring ‘n wêreld tevoorskyn wat vir die meeste mense onbekend is. Vaselinetjie se verhaal is onvergeetlik.

In ‘n onderhoud met die skrywer wat ‘n mens op Litnet kan lees, vertel sy dat sy tans joernalis is aan die Weskus. Sy werk vir ‘n plattelandse koerant en dek die dorpe vanaf Langebaan tot Dwarskersbos, maar sy woon op Paternoster met ‘n Jack Russel wat hom snags voor haar kaggel kom tuis maak.

Van haar boek *Vaselinetjie* vertel sy: “Vaselinetjie is waarna Koos Prinsloo sou verwys as ‘faksie’. Werk waarin die grenslyne tussen feite en fiksie redelik onseker is. Hoewel die storielyn soos in die verhaal uiteengesit is, fiktief is, is ‘n groot deel van die gebeurtenisse verwerkinge van insidente wat regtig plaasgevind het. (Ek het nie alles self meegemaak nie, sommige is oorvertelde goed wat ek van ander personeellede en kinders gehoor het.)

Die oorspronklike idee is gebaseer op ‘n babadogtertjie wat jare gelede buite Swakopmund naby die treinspoor vir dood gelos is. Sy was erg deur die son verbrand, miere het haar gevreet en vlieë het eiers in haar ore gelê. Daar kon nie met sekerheid vasgestel word van watter kultuurafkoms sy is nie en dus was daar probleme met haar aanneming. Die kinderhuis en personeel in die boek is fiktiewe vermengings van ware plekke en mense.

Sy was verbaas dat die reaksie op die boek een was van hartseer en skok. Dit, terwyl dit vir haar “real life” is, en dit vir haar vreemd was om te besef dat nie almal weet dat hierdie lewe in ons gemeenskap bestaan nie. Boonop is die boek met omtrent ‘n derde gesny en onderwerpe soos verkragting, mishandeling en wanbestuur binne kinderhuise is nie aangeraak nie.

Oor haarself skryf Anoeschka: “Alles wat ek tot dusver in my lewe gedoen het beskou ek as drek. Niks is noemenswaardig genoeg dat ek dit sal wou oorvertel nie, behalwe dat ek dit oorleef het. En ek is beslis nie meer so naïef om te dink dat enige ander denkende mens (behalwe miskien my ma) sou belangstel om te weet wáár ek gematrikuleer het, indien ek dit wel ooit toe gedoen het nie.

Die enigste rede hoekom ek aanhou skryf is omdat ek klaarblyklik nie kan afleer, (soos baie ander dinge nie), om verligting vir my innerlike wroeginge te soek nie. Hoe tydelik ook al.

Al waarin ek werklik belangstel is om kontak met die Allerheiligste te maak en die gedagte dat dit eenvoudig net moontlik móét wees, hou my in die lewe.

Die boek *Vaselinetjie* word uitgegee deur Tafelberg Uitgewers en kos R82.00.

Bronne: Webtuistes van Litnet en Tafelberg Uitgewers. ¤

SING SOOS JY GLO EN GLO SOOS JY SING

Dr Jan Smelik

MUSIEK

In hierdie artikel word aangesluit by die tema "musikale norme en waardes in die kerkdiens". Binne hierdie raamwerk word aandag gevra vir die noue verband wat daar bestaan tussen geloof en lied. Na aanleiding daarvan sal iets gesê word oor die nuwe gesangebundel in Nederland, *Negentig Gezangen*, en oor die manier waarop die kerke op die oomblik liedere en liedgenres uitsoek.

GELOOF EN LIED

Christene sing soos hulle glo en hulle glo soos hulle sing. Daarmee word die volgende bedoel. Sing is 'n middel waardeur ons uiting gee aan dit wat in ons leef. En waardeur ons die geloof persoonlik en gesamentlik ervaar. Maar die lied is nie net 'n *uiting* van dit wat ons glo en beleef nie. Liedere werk ook altyd in die teenoorgestelde rigting: dit bevestig en voed ons geloof (kyk o.a. Efesiërs 5 en Kolossense 3). Dit gee ook rigting aan, en is medebepalend vir die manier waarop ons die geloof beleef.

Die lied het alles te make met geloofsopvattings en identiteite. Daar is 'n wisselwerking tussen enersyds *hoe* en wat mense wil glo, en andersyds die liedere wat hulle (wil) sing. Twee voorbeelde ter verduideliking en illustrasie.

Eerste voorbeeld: In charismatiese kringe val al die nadruk op die noodsaak om die werking van die Gees heel konkreet in jou persoonlike geloofsbelewing waar te neem. Dis nie verniet nie dat in daardie kringe dié liedere gewild is wat 'n sterk appèl op die emosies van die mens maak. Sodanige liedere word dan gebruik om jou oop te stel vir die Gees. Deur daardie liedere beleef 'n mens iets wat dan aangedui word as "geloofservaring" en as die "konkrete belewing van God se aanwesigheid deur die werking van sy Gees". Bowendien funksioneer die liedere daar in samekomste waar begin word met 'n "tyd van aanbidding en lofprysing". Daarby word dan vir 'n kwartier of langer diverse aanbiddingsliedere na mekaar gesing. Kritici interpreteer dit as 'n manipulasie van menslike adrenalienstrome. Maar vir deelnemers aan hierdie samekomste is sulke liturgiese oomblikke van groot belang. Na hul mening ervaar hulle dan God Self en voel hulle dat die Gees in hulle werk. Hier beheer liedere die belewing en hulle word gekies op grond van bepaalde geloofsopvattings. Dus 'n wisselwerking.

Tweede voorbeeld: In gemeentes van die Gereformeerde Bond en in Gereformeerde Gemeentes in Nederland word uitsluitend psalms gesing, wat bowendien "nie-ritmies" gesing word. Dat hulle geen gesange sing nie, het hoofsaaklik te make met die opvatting dat via die "vrye lied" dwalings die kerk kan binnekom. Ook hier is dus die keuse van liedere bepaal deur godsdienstige opvattings. Dat die psalms "nie-ritmies" gesing word, is nie net 'n gevolg van afgestompte konserwatisme nie ("my ouma het dit ook so gesing en sy het daarmee salig geword"). Maar volgens hulle is dit die vorm, die manier van sing, wat die beste pas by die gewyde, aandagtige sfeer van 'n kerkdiens waar 'n nietige mens homself voor die hoogheilige God stel.

So kan talle voorbeelde genoem word waaruit duidelik blyk dat keuse van liedere en liedgenres in 'n groot mate te make het met geloofsopvattings.

ALGEMENE SINODE LEUSDEN, NEDERLAND

Waarom word hierdie punt onder die aandag gebring? Die rede hiervoor is dat die onlosmaaklike wisselwerking en samehang tussen enersyds geloof en andersyds liedgenres en liedere veels te min in berekening gebring word in die huidige gesangeproses in Nederland.

Dit kom veral sedert die Algemene Sinode van Leusden in 1999 duidelik na vore. Op daardie sinode is gepleit vir 'n verbreding van die liedgenres waaruit deputate moes kies. Daar is naamlik gestel dat rekening gehou moes word met die "hedendaagse kultuur" wat ook binne die Christelike wêreld sterk gedifferensieerd is. Daar word in die godsdienstige kultuur nou maar eenmaal verskeie soorte liedere aangetref wat nie geïgnoreer kan word nie, omdat baie mense dit graag sing. Buite die kerkdienste sing Gereformeerdes allerlei liedere, ook uit die sogenaamde "godsdienstige vermaaklikheidswêreld". En die wense en behoeftes om daardie liedere ook in die kerkdienste te sing, moet tegemoet gekom word.

Hierdie gedagtes het die agtergrond gevorm vir die opdrag aan deputate Kerkmusiek om nie net liedere uit die kerkliedtradisie te kies nie, maar byvoorbeeld ook liedere uit die sogenaamde "evangeliese tradisie". In die bundel *Negentig Gezangen* kom veertien liedere uit daardie "tradisie".

Die spesifieke liedere word ook "opwekkingsliedere" of "gospelliedere" genoem. Maar daar heers baie verwarring oor watter soort

liedere dit nou eintlik gaan. Daarom is dit goed om eers ‘n aanduiding te gee van wat onder daardie liedere verstaan moet word. Dit gaan om liedere uit die twintigsteeeuse Angelsaksiese geloofsbeweging, wat gekenmerk word deur bepaalde teologiese aksente en deur die aktiewe inskakeling van uitingsvorme uit die vermaaklikheidskultuur (ligte musiek).

Dit is nonsens om te beweer dat daar geen bruikbare liedere onder die resente Angelsaksiese liedrepertoire sou wees nie. Ewe min kan beweer word dat hierdie liedere nêrens gesing mag word nie. In hierdie sin is dit onnodig om slapelose nagte te hê oor die veertien opwekkingsliedere wat in die bundel *Negentig Gezangen* opgeneem is.

Maar by die keuse van hierdie liedere kan wel diverse praktiese en ook meer inhoudelike kanttekeninge gemaak word. As praktiese beswaar kan genoem word dat die opwekkingsliedere wat nou gekies word, al weer “uit” is teen die tyd dat die sinode dit goedgekeur het. In werklikheid vorder ‘n mens dus eintlik glad nie deur hierdie repertoire te kies nie.

Belangriker as dergelike praktiese sake is die inhoudelike redes wat die kerke aanvoer om hierdie liedrepertoire in die erediens toe te laat, naamlik die kulturele verskeidenheid en die behoeftes van groepe kerkgangers. In die huidige gesangeproses het hierdie motiewe in ‘n groot mate bepalend geword in die soektog na liedere en liedgenres. In hierdie opsig is die kerke beslis te kortsigtig.

WENSE DEURSLAGGEWEND?

Daar is inderdaad baie mense wat ‘n evangeliese liedrepertoire op prys stel en aan wie dit baie steun en houvas vir hul geloof(slewe) bied. Maar is dit so ‘n *deurslaggewende* argument om dit dan maar tot bruikbare liturgiese musiek te verhef? Vergelyk dit met byvoorbeeld die Bybelvertalings wat lidmate in die week gebruik. Daar is van hulle wat hou van vertalings uit byvoorbeeld *Het Boek* of *Groot Nieuws*. Tog is ons in hierdie opsig minder geneig om toe te gee aan die wense en verlangens van ‘n groep lidmate. Daar is in Nederland selfs ‘n deputaatskap aangestel om te ondersoek of en in hoeverre hierdie vertalings langs die gebruiklike vertaling in die kerkdiens toegelaat kan word (*Acta* GS Zuidhorn, art. 65).

Vir alle duidelikheid: hier word beslis nie beweer dat daar so min as moontlik rekening gehou moet word met wense wat in die kerke leef nie. Die beswaar is gerig op die feit dat daardie verlangens op die oomblik van beslissende betekenis is vir die manier waarop gehandel word ten aansien van liedere en liedgenres.

VEELKLEURIG

Dit is baie vreemd dat daar die laaste paar jaar met ‘n beroep op kulturele *verskeidenheid* gepleit word vir ‘n evangeliese liedrepertoire in die kerkdiens. Die musiekkultuur was nog altyd veelkleuriger as wat in die Christendom as “kerkmusiek” aangedui en gebruik is. Die godsdienstige musiek wat gereformeerdes in die week speel en na luister, was nog altyd baie breër as dit wat in die Sondagse kerkdiens gehoor is.

Dat baie musiek en liedere ten spyte daarvan nie in die eredienste gehoor is nie, het onder andere te make met algemeen gedeelde opvattings oor dit wat wel en nie gepas is wanneer die gemeente voor God se aangesig kom. Daar was ‘n duidelike *styl* wat perke gestel het aan die bruikbaarheid van godsdienstige musiekgenres. Daardie styl het blykbaar verdwyn. Op ‘n postmoderne manier gestel: daardie styl het baie uiteenlopend en veelkleurig geword. Stylloosheid bestaan nie meer nie: daar is nog maar net verskillende style wat prinsipieel gelykwaardig is.

Die verskil met vroeër jare (tot byvoorbeeld 1990) is nie dat die kultuur skielik so uiteenlopend geword het nie. Die verskil is dat ons blykbaar geen rede meer het of sien om bepaalde geestelike liedgenres in die kerkdiens te weier nie. Ons hou duidelik nie skerp voor oë nie wat die styl van ‘n gereformeerde liturgie is, sou kon wees of selfs sou moet wees.

GEREFORMEERDE LITURGIE

Die gereformeerde liturgie sal beslis nie tot niet gaan as daar af en toe ‘n opwekkingslied gesing word nie. Maar dit sal definitief wel so wees wanneer die poorte wyer oopgemaak word vir allerlei liedgenres uit die godsdienstige ligte musiek, omdat daardie genres gelykwaardig en net so geskik vir die kerkdiens sou wees as die kerkliedgenres.

Bowendien gaan dit in die bundel *Negentig Gezangen* om ‘n paar “matige” liedere. Daar is egter ook “heftiger” gospelrepertoire. As die uitgesoekte opwekkingsliedere passend geword het in die gereformeerde kerkdienste, waarom sou “reli-hardrock” dan in beginsel nie ook toegelaat kon word nie? Die gewildheid van jeugdienste is ‘n aanduiding dat die behoefte daaraan wel bestaan, en ‘n mens is tog veronderstel om reg te laat geskied aan kulturele verskeidenheid in die kerk?

Die vrae wat ter tafel gelê word, is dit: trek ons nog grense, en indien wel, waar en waarom juis daar? Dit is inderdaad lastige en ingewikkelde vrae. Maar tog is hulle van fundamentele belang. Dit moet aan die orde kom wanneer ons ‘n verantwoorde beleid ten aansien van die lied wil volg. ‘n Ander moontlikheid is natuurlik om hier Gods water oor Gods akker te laat loop. Maar laat ons dan openlik daarvoor kies en daardie keuse duidelik formuleer en afspreek. Dit gee ten minste duidelikheid.

Voorlopig word daarvan uitgegaan dat die kerke nie sodanige “laisser-faire”-houding wil aanneem nie. Dit beteken wel dat ons lastige vraagstukke en probleme moet onderken. En hoe ‘n mens dit dan ook al wend of keer, evangeliese liedgenres veronderstel ‘n ander soort liturgie, waar ander teologiese aksente gelê word. Dit getuig van en bevestig ‘n spiritualiteit waarvan ons onsself moet afvra of en in hoeverre dit vanuit ‘n gereformeerde oogpunt in ons kerkdienste gewens is. Dergelike vrae het tot nou toe nie aan die orde gekom nie, laat staan dat dit beantwoord is.

By die keuse en beoordeling van liedere en liedgenres het ons nooit slegs te doen met tekstuele en musikale aspekte nie. Daar is ook *altyd* liturgiese aspekte wat ‘n rol speel en daar is beslis gevolge vir die erediens. Daarom sou dit ‘n belangrike stap na vore wees indien die hele gesangeprojek meer binne die raamwerk van ons liturgiese besinning aangepak word.

Bedoel word nie net die breë besinning ten aansien van die gereelde Sondagse kerkdienste en hul vormgewing soos ons dit tans ken nie. Maar bedoel word ook die huidige besinning oor die tweede diens. Eintlik word gedink aan alle manier en vorme wat in die kerk gebruiklik is om die Here gesamentlik te dien. Hier kan gedink word aan aangepaste dienste vir gestremdes, verwelkomingsdienste, ensovoorts. Binne die raamwerk van ‘n besinning oor hierdie dienste kan gekyk word watter liedere en liedgenres goed en sinvol daar gebruik sou kon word.

Ons doen en late ten opsigte van liedere kan nie losgemaak word van liturgiese vraagstukke nie, soos bv oor die eie karakter van die Sondagse oggenddiens, oor die moontlikheid of wenslikheid om op Sondagmiddae andersoortige dienste te belê, ens.

Daarom sou dit goed wees om die onderskeie deputaatskappe “Eredienst” en “Kerkmuziek”, soos hulle tans in Nederland funksioneer, weer saam te voeg tot een deputaatskap. Op hierdie manier sou die gesangeproses beter ingepas kon word binne die raamwerk van die algehele liturgiese besinning en ontwikkeling.

AANBRING VAN ONDERSKEID IN LIEDERE

Een van die winste van die afgelope dekade is dat ons meer oog gekry het vir die plek van liedere in die breedte van die kerklike lewe. Dit sal goed wees as ons as kerke saam ‘n beleid ontwikkel en uitvoer waarby ons verantwoorde liedere soek wat vir uiteenlopende geleenthede en situasies geskik sal wees.
‘n Stap in die regte rigting sal wees wanneer, in die seleksie van liedere,

duideliker onderskei sal word tussen liedere wat veral vir die gereelde kerkdienste geskik sal wees en liedere wat spesifiek in allerlei ander samekomste goed kan funksioneer. Daarmee word laasgenoemde liedere nie as minderwaardig getipeer nie, maar wel as andersoortig.

Dit sluit deels aan by die koers wat die kerke in Nederland inslaan ten aansien van die gewenste lys van liedere. In sinodebesluite aldaar is besluit dat die lys so saamgestel moet word dat ‘n wye keuse daaruit gemaak kan word in alle plaaslike kerke en vir besondere dienste (bv. aangepaste dienste, verwelkomingsdienste).

Tot nou toe is versuim om duidelik onderskeid te tref ten opsigte van die liedere vir uiteenlopende samekomste en geleenthede. In die praktyk word die liedere sonder enige verdere onderskeid behandel, voorgestel en gebruik. Dit terwyl daar verseker wel ‘n onderskeid is. Ook die sinode van Zuidhorn (Nederland) het blykbaar nie daarvan uitgegaan dat *alle* liedere ook in *alle* samekomste gesing kan word nie. In die bundel *Negentig Gezangen* kom egter verskeie liedere voor wat waardevol is vir gebruik in ander samekomste as die kerkdienste, maar dit staan tussen die ander. Alle liedere lê dus nou as’t ware op een hoop en in beginsel kan alle liedere in alle eredienste gebruik word.

SLOTSOM

By die uitsoek en beoordeling van liedere en liedgenres moet rekening gehou word met die feit dat keuses nooit neutraal is nie. Ewe min is dit in die eerste plek ‘n saak van “smaak” (= aangeleerde gedrag) of “kulturele verskeidenheid”, waarmee rekening gehou moet word. Sing is nie net ‘n uiting nie, maar ook altyd ‘n “inning” en bevestiging van geloof. Norme en waardes wat hanteer word as dit kom by musiek in die kerkdiens, is per definisie in ‘n groot mate bepaal deur godsdienstige norme en waardes.

Daarom moet gevra word of alle liedere en liedgenres wat deur Christene gebruik word, ook uit teologiese en liturgiese oogpunt ewe wenslik is op alle plekke en gebeure in die kerklike lewe, bv. in kerkdienste.

Dit is moeilike vraagstukke, maar die werklikheid is mos ingewikkeld. Die oplossing is nie: kyk anderpad en laat lei jou deur vrae soos: “wat is die aanvraag?”, “wat het draagwydte?” en “hoe stel ons almal soveel as moontlik tevrede?”.

Dit spreek vanself dat by die seleksie sorgvuldig rekening gehou moet word met behoeftes en wense wat in die kerke leef. ‘n Beleid waarby alles bloot net van bo-af opgelê word, is nie goed nie. Maar op die oomblik is die neiging na die ander kant toe. ‘n *Inhoudelike* besinning van diverse relevante vraagstukke met betrekking tot die lied het helaas heeltemal tot stilstand gekom. Daar word te veel en te eensydig voorkeur gegee aan vraagstukke ten aansien van draagwydte, aan wense en behoeftes van verskillende groepe. Miskien is dit die bedoeling om verder in daardie rigting te beweeg, maar dan moet dit duidelik uitgespreek en vasgelê word. Dan kan daar ook sinvolle pleidooie gehou word om die betrokke deputaatskap op te hef en die keuse van liedere bloot net aan die plaaslike kerke oor te laat. As dit nie die bedoeling is om in daardie rigting te beweeg nie, dan sal hierdie artikel hopelik daartoe bydra dat die huidige beleid en die huidige pad nog ‘n slag goed deurdink word.

Vertaling van ‘n artikel uit: *Gereformeerde Kerkbode Groningen, Fryslân, Drenthe*, nr 15 – 9 April 2004, p 225-227. ¤

INTELLIGENTE ONTWERP: DIE CHRISTELIKE ALTERNATIEF VIR EWOLUSIE?

L Ijlst

DENKERS VAN ONS TYD

Is die dae van Darwin se ewolusieteorie getel? Volgens die Intelligente Ontwerp beweging (Intelligent Design, verder afgekort as ID) wèl. Hulle bied ‘n wetenskaplike alternatief wat veral onder Christene belangstelling trek. In die Verenigde State en in Nederland is daar 'n heftige debat oor hierdie onderwerp.

DIE GRONDSLAE VAN INTELLIGENTE ONTWERP

Die ID beweging beweer dat die lewe soos ons dit om ons heen sien nie deur toevallige prosesse kon ontwikkel het nie – maar dat slegs die leiding van 'n intelligente ontwerper die kompleksiteit en diversiteit kan verklaar.

Die belangrikste beginsel van ID is ‘*Onherleibare Kompleksiteit’*. Dit beteken dat daar sisteme is wat uit verskillende onderdele saamgestel is wat *almal tegelykertyd* daar moet wees om te funksioneer. Die sisteem is so ingewikkeld dat dit nie in klein toevallige stappies kon ontstaan nie. Vat een deel weg, en die sisteem doen glad niks meer nie. Darwin het self toegegee dat sy ewolusie-teorie inmekaar sou val as daar 'n voorbeeld van 'n onherleibaar komplekse sisteem gevind sou word. ‘n Veelgebruikte voorbeeld is die sweepstert van bakterieë, wat bestaan uit ‘n baie komplekse aantal proteïne; verander slegs een proteïen gedeeltelik, en dit funksioneer nie meer nie.

'n Goeie vergelyking is die beklim van 'n berg. Met klein stappies kan 'n mens uiteindelik bo-op die hoogste berg uitkom, maar nie by die maan nie; dit is 'n te groot stap. ID sê daar is sisteme wat 'n te groot stap is vir 'n serie van toevallige ontwikkelings.

As die stap dan te groot is, dan kan dit dus nie meer verklaar word deur toevallige veranderings nie. Die enigste alternatief is dan dat dit *nie* toevallig is nie; daar moet 'n ontwerper by betrokke wees. Dit is nie 'n nuwe idee nie. William Paley het al in 1802 die voorbeeld gegee van 'n man wat 'n horlosie êrens in die veld vind. Dis logies om dan te veronderstel daar is 'n horlosiemaker.



Die sweepstert van ‘n bakterie: onherleibaar

Omdat die ID beweging homself slegs met wetenskaplike metodes wil besighou, word daar *uitdruklik* niks gesê oor wie of wat die ontwerper is nie.

WAAR KOM ‘INTELLIGENTE ONTWERP’ VANDAAN?

Darwin se ewolusieteorie leer dat al die lewe op aarde ontwikkel het uit baie eenvoudige selle. Hierdie selle het deur middel van *toevallige* mutasies en natuurlike seleksie uiteindelik ontwikkel tot steeds komplekser lewensvorme. Die proses het volgens Darwin miljarde jare gevat, en het ook nie 'n ‘doel’ nie; dit hang slegs van toevalligheide aanmekaar.

Darwin se teorie staan op gespanne voet met die skepping soos die Bybel daaroor praat. In die jare ’70 en ’80 het die Kreasionistiese beweging probeer om op grond van die Bybel 'n wetenskaplike teenvoeter van die ewolusionisme te word. Kreasionisme het nooit enige ernstige wetenskaplike aandag geniet nie, veral omdat hulle uitgangspunt die letterlike interpretasie van die skeppingsverhaal van Genesis was.

Die ID beweging probeer om wel op 'n *wetenskaplike* manier 'n alternatief te bied. Hulle neem duidelik afstand van die Kreasionisme, en beweer dat hulle slegs wetenskaplike metodes gebruik. Die Discovery-instituut in Seattle is 'n groot dryfkrag agter die beweging. 'n Paar bekende name is die biochemikus Michael Behe en die wiskundige William Dembski. In Nederland is Cees Dekker en Ronald Meester van die bekendste voorvegters. Hulle het onlangs “Schitterend ongeluk of sporen van ontwerp” gepubliseer.

In die VSA word onder die slagspreuk “Teach the controversy” probeer om ID as verpligte leerstof in die kurrikulum te kry. President Bush is onder andere 'n voorstander van die voorstel.

SIMPATIE ONDER CHRISTENE

Die idee van 'n ontwerper spreek ons Christene natuurlik sterk aan. Ons eie ervaring van die natuur wys mos duidelik die grootsheid van die skepping. Dis vir ons heeltemal 'n logiese gevolgtrekking dat daar sprake is van ‘ontwerp’, en ons weet ook wie die Ontwerper is.

Die ID beweging het daarom vanselfsprekend 'n groot aanhang onder Christene. Die voorlopers van die beweging is Christene, hoewel nie almal ewe uitgesproke

nie. Die Discovery-instituut het Christelike grondslae.

ID word deur baie gesien as die voertuig waarmee ons as Christene ernstig kan bly praat met die moderne wetenskap. Met ID het ons 'n antwoord op Darwin en die materialistiese wêreldbeskouing wat die gevolg van sy teorie was. ID gee weer 'n plek aan God, waar die ewolusieteorie die plek weggeneem het. Tog moet ons baie oppas om ID te sien as die wetenskaplike alternatief vir Christene.



Charles Darwin

EWOLUSIE IS DIE BASIS VAN INTELLIGENT ONTWERP

ID kom *nie* in die plek van ewolusie nie; hulle probeer om 'n aanvulling te gee op gate in die teorie. Ewolusie bly die basismetode van die ontwikkeling van die skepping.

Darwin se ewolusie is 'n ongerigte, puur toevallige proses. ID probeer om gate te vind in Darwin se teorie. Hierdie gate word aangegryp om te wys op 'n ontwerper wat in die ewolusieproses betrokke is. Die beweging probeer van ewolusie 'n beheerde proses te maak, waar ons weer 'n plekkie kan inruim vir God.

Baie van die ID aanhangers het nie 'n enkele probleem met 'n geleidelike ewolusie wat miljarde jare gevat het nie. Die ID voorman Cees Dekker het in 'n onderhoud gesê: "*Ek is 100% seker dat uit eenselliges meerselliges ontstaan het, en daarna die dinosourusse, die soogdier, en uiteindelik die mens.*"

'n Ander probleem is dat die komplekse sisteme op hierdie moment nog nie deur die ewolusie 'verklaar' kan word nie, maar dalk is daar oor 'n paar jaar 'n aanneemlike teorie. Ons bly so sit met 'n 'God of the gaps'; dit wat ons nie kan verklaar nie, daar gebruik ons God, totdat ons 'n beter verklaring kry. Die verskil met die gewone ewolusieteorie lyk inhoudelik nie baie groot nie.

NIE REGTIG WETENSKAP NIE

Die wetenskaplike wêreld reageer baie heftig op die ID beweging. Sommige van die kritiek is meer emosioneel as feitlik, maar daar is ook baie teregte kritiek op die wetenskaplike basis van die beweging.

Wetenskap probeer om iets van die wêreld te verklaar deur 'n veronderstelling (hipotese) te maak en dit dan te toets deur eksperimente en ondersoeke. Indien eksperimente die veronderstelling nie ondersteun nie, dan word dit verander. Dit is ten alle tye moontlik dat die veronderstelling verkeerd bewys kan word.

Die wetenskaplike basis van ID is egter 'n *negatiewe* veronderstelling; daar is dinge waarvan ons nie verstaan hoe dit deur ewolusie kon ontstaan nie, en daar neem ons aan dat dit deur 'n ontwerper ontwerp is. Dit is egter onmoontlik om aan te toon: miskien is daar oor 'n paar jaar 'n beter teorie wat wél die verskynsel verklaar. Die gevolg is dan ook dat daar nie regtig wetenskaplike publikasies in erkende blaaie is nie.

Dit lyk egter asof die meeste energie gesteek word in die soeke na publisiteit en nie in wetenskaplike ondersoek nie. Daar word baie nadruk gelê op swak plekke in die ewolusieteorie. Die ongelyk van die ewolusieteorie beteken egter nie die gelyk van die ID teorie nie.

NIE 'N CHRISTELIKE BEWEGING NIE

ID spreek hom nadruklik nie uit oor die aard of identiteit van die 'ontwerper' nie. Ons as Christene vul natuurlik maklik God se naam in. Islamiete herken Allah, en andere religies kan weer 'n ander invulling gee. Die ID beweging sê baie nadruklik dat daar op wetenskaplike gronde niks gesê kan word oor die ontwerper nie. Die aanneem van 'n ontwerper beteken dus nie die aanneem van God as die ontwerper nie.

Professor Kamphuis (GKNv) wys op die sondeval, wat tussen ons en die skepping gekom het. Deur die sonde is die skepping aangetas: die dood het in die wêreld gekom. Deur die sondeval is die skepping nie meer dieselfde nie; die ontwerp is bederf. Ook ons waarneming van die werklikheid is aangetas. Ps 14:2, 3 sê dat God geen 'verstandige' meer vind nie. Ons kan dus nie God se skepping volledig verstaan nie. Die ID beweging probeer daarenteen om die ontwerper (God) se voetspore in die skepping na te spoor en rasioneel te verklaar.

ID sê dat die skepping deur geleidelike ewolusie ontstaan het. Daar was dus al dood (en lyding) voor die sondeval. Die aanneem van ID as verklaring vir die skepping het dus gevolge vir ons siening van Genesis, en van alles wat daaruit voortspruit.

VIR DIE WÊRELD 'N DWAASHEID

Ons sal daar goed aan doen om die woorde van Paulus aan die Korintiërs te onthou (1 Kor. 1:17-31). Die wysheid van God is dwaasheid vir die wêreld. Ook ons geloof in God as skepper is dwaas in die oë van die wyse van die wêreld, 'n struikelblok vir hulle wat nie glo nie.

Ten slotte lees ons in Hebreërs 11:3 "*Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is;* ***die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie****.*". ¤

VERTEL DIT AAN DIE KINDERS

- Oor die vertelling as ‘n waardevolle middel in die geloofsopvoeding

J Baas

“Seuns en meisies, pak weg! Johan, neem jy gou die boeke in. Elkeen se tafel moet skoon wees. Dit is amper tyd.”

Dis Vrydagmiddag, en almal sien altyd daarna uit. Nie net omdat dit dan amper naweek is nie. Die laaste kwartier van skool op Vrydae is altyd die lekkerste kwartier van die hele week, want dan vertel meneer sy vervolgverhaal. Elke Vrydag weer is daar ‘n nuwe episode. Saam beleef hulle spannende avonture, en dis wat Vrydagmiddae by die skool so besonders maak. Ander kere word daar nooit so vinnig en so netjies weggepak nie. Maar hoe vinniger dit gedoen word, hoe langer kan die verhaal wees. Eintlik is die tyd vir die verhaal veels te kort. Die tyd vlieg verby. Vanaf die eerste woord hang die hele klas aan die verteller se lippe. Weet hy ooit self hoe die verhaal volgende week verder gaan?

Elkeen het seker ‘n gelyksoortige herinnering aan sy skooljare. Die meneer of die juffrou wat goed kon vertel, dis diegene wat jy die beste onthou. Die vertellings is dikwels die aangenaamste herinnerings aan hom of haar. Wat maak die vertelkuns so besonders? Hoekom bly die verhale en die mense wat hulle vertel, so lank helder in jou geheue voortbestaan? In hierdie artikel gaan dit oor die belang van die vertelling vir die geloofsopvoeding. Daar word gekyk na: wat is dit om te vertel, wat gebeur, hoekom is dit so belangrik vir geloofsoordrag (asook vir jouself) en ten slotte hoe kan jy self vaardig daarin raak. Dalk is dit nie alles onbekende dinge nie, maar dit is tog goed om af en toe weer van bepaalde dinge bewus gemaak te word.

WAT IS DIT OM TE VERTEL?

In wese is vertel ‘n manier van oorbring van kennis, van gebeurtenisse. Die besondere van vertel is dat jy self daardeur meegevoer raak. Jy kan amper nie buite jouself om vertel nie. Dit is dikwels goed om agter te kom wat die verhaal aan jouself doen. Anders gestel: as jy vertel, dra jy ook emosies oor. Jy gee iets van jou identiteit weg as jy vertel. Om te vertel is om ‘n verhouding aan te knoop.

as jy vertel, knoop jy verhoudings aan

Jy kan ‘n berig bloot meedeel, maar as jy dit as ‘n verhaal vertel, kan jy verseker wees van ‘n groter gehoor. Dan dramatiseer jy die berig min of meer. Jy boots na wat gebeur het.

WAT GEBEUR?

As jy vertel, knoop jy in die eerste plek verhoudings aan. Jy leef jouself in, in ‘n persoon of in die gebeurtenis. Jy kies bewustelik ‘n posisie al dan nie. Van daaruit laat jy die luisteraar saamkyk. Net soos die fotograaf van ‘n koerant, kies jy ‘n invalshoek. Dis byvoorbeeld jou keuse om ‘n afstandelike toeskouer te wees, of om jou in te leef in die rol van een van die persone in jou verhaal. Kies jy vir laasgenoemde, beteken dit dat jy ‘n verhouding met daardie persoon aanknoop. Jy probeer om hom/haar so goed as moontlik tot lewe te bring in jou verhaal. Jy probeer jou voorstel hoe hy/sy die gebeurtenis beleef het. Wat daardie persoon sou gevoel of sou gedink het. Vir ‘n rukkie word jy die ander persoon. Dit het ‘n invloed op jou emosies om iets te vertel. Jy is bedroef of bly, jy kry seer, jy word kwaad. Jy ervaar die emosies van die ander persoon oor wie jy vertel.

Die tweede verhouding wat jy aanknoop is met die gehoor. Hulle kyk na jou. Hulle verwag iets van jou. Maar jy kyk ook baie goed na hulle. Hoe reageer hulle? Raak hulle meegevoer met jou verhaal? As dit nie

die geval is nie, verloor jy as verteller meestal vir ‘n rukkie konsentrasie. Jy kry warm en probeer dan op ‘n ander manier. As jy egter agterkom dat jou luisteraars meegevoer raak, dan raak jy self ook steeds meer verdiep in jou verhaal. Dan gaan dit steeds beter. Vooraf beskou jy reeds jou luisteraars: is dit jong of ouer kinders? Hoe is die stemming? Hoe skep ek die regte atmosfeer? Hoe kan ek die beste by hul gedagtewêreld aansluit? Vir die tweede keer moet jy jouself inleef.

om te vertel skep ‘n intieme atmosfeer

Die tweede ding wat by ‘n vertelling ‘n groot rol speel, is dat dit intiem is. Dit het te doen met die feit dat jy iets van jouself in ‘n verhaal insit. Sodoende kom verteller en luisteraar nader aan mekaar. Net soos die klas in die voorbeeld hierbo. Die leerders sien uit na die tydjie wanneer daar vertel word. Want dan belewe hulle saam iets wat spannend of ontroerend is. Dit bevorder samehorigheid. As jy ‘n verhaal aan klein kinders vertel, kruip hulle meestal styf teenaan jou. Hulle wil jou ook voel. Dit bied aan hulle daardie lekker “knus” veiligheid. Dit lyk soms of kinders passief is wanneer ‘n verhaal vertel word, maar meestal is die teendeel waar. In hul koppe speel die draaiboek van jou verhaal. Hul verbeelding neem vrye teuels. Jy het hulle saamgeneem na ‘n ander wêreld. Hul energie word behoorlik getap, want dis uitputtend om te reis.

Tegelykertyd kan dit ook baie ontspannend wees. Dis nie verniet nie dat kinders reeds tydens die verhaal of net daarna in ‘n diep slaap kan val nie. Die luisteraar kan daarom nie passief bly nie. Jy word as vanselfsprekend in die verhaal ingetrek. As toehoorder knoop jy dus ook verhoudings aan: eerstens met die verteller, want jy gee jouself aan hom oor. Jy volg hom, jy neem waar, jy kruip so te sê in hom in. Hy neem jou saam “op sy reis”. Verder knoop jy ‘n verhouding aan met die persone wat in die verhaal ‘n rol speel. Deur “in jou verteller in te kruip”, kry ‘n mens werklik kontak met mekaar. Die hoofkarakter van die verhaal het byna net so tasbaar geword as die verteller wat hier voor jou staan.

die vertel van verhale lewer dubbel rykdom op

Al hierdie elemente bymekaar – die verhoudings, die intimiteit en die betrokkenheid – lei daartoe dat die luisteraars in die verhaal inkom. In wese belewe hulle self ook die gebeurtenisse.

Die verteller het daarin voorgegaan. Want ‘n verhaal kan net goed vertel word as die verteller reeds self “daardeur gekruip” het. Die voorstellingsvermoë van die verteller moet eers deeglik aangespreek wees.

Dit lei daartoe dat die vertel van verhale dubbel rykdom oplewer. Eers word die verteller self verryk. Hy doen ‘n ervaring op, kruip heeltemal daarin, word so te sê een daarmee. Vervolgens deel hy hierdie belewenis met sy hoorders. By die vertelling kruip hulle op hul beurt weer daardeur. ‘n Mens sou kon sê dat ‘n gebeurtenis deur ‘n vertelling ‘n nuwe werklikheid word.

HOEKOM VERTEL?

Dit behoef waarskynlik geen betoog nie hoe belangrik en invloedryk ‘n vertelling is. Uit eie ervaring weet jy waarskynlik reeds dat die luister na verhale meestal ‘n spannende, uitdagende en aangename ervaring is. En ‘n verdere dimensie word nou toegevoeg: by die vertel van ‘n gebeurtenis word dit feitlik opnuut beleef. Dit bring die gebeure baie naby aan die luisteraar. Tydens die vertelling word nie net feite oorgedra nie, maar emosies kom ook daarmee saam. En dit lei daartoe dat verhale dieper en intenser by mense binnedring. Terwyl iets aan jou vertel word, vorm jy in gedagte self beelde. Hierdie beelde word gevorm met behulp van jou geheue en jou verbeelding. Alles wat jy self skep, steek beter in jou geheue vas.

by die vertel van ‘n gebeurtenis word dit opnuut beleef

Dit gee aan ‘n vertelling ‘n voorsprong bo bv. die kyk na films op televisie. Want dan is dit nie meer nodig om self veel te doen nie. Iemand anders (meestal die regisseur) het reeds vir jou die beelde

uitgedink. Uit navorsing onder ‘n aantal leerlinge het geblyk dat amper 80% van ‘n televisieprogram na ‘n uur reeds uit hulle geheue verdwyn het. Fyner besonderhede is waarskynlik nooit opgemerk nie. Daarom geniet ‘n vertelling voorkeur. Want by ‘n vertelling het jy in ‘n sekere sin jou eie regisseur geword.

BYBELVERHALE

In die kader van hierdie artikel word die aandag vernaamlik bepaal by die belang van die oordrag van Bybelverhale d.m.v. vertelling.

Met bostaande gegewens in gedagte blyk dit dat die vertel van die Bybelverhale die belangrikste middel is om Bybelkennis oor te dra. Dit kan nie nader aan die hoorders gebring word nie. Tydens die vertelling beleef die hoorders die gebeurtenis opnuut, hulle kruip daardeur, hulle word ‘n onderdeel daarvan. Hulle was as ‘t ware self daar. Veral deurdat hulle dit self beleef, dring hierdie belewenis diep in die hoorder in. Daar ontstaan ‘n verhouding. En hierdie verhouding kry ‘n intieme dimensie.

Die Here ons God weet natuurlik ook dat dit op hierdie manier by sy skepsele werk. Dis nie verniet nie dat Hy sy volk voorhou: vertel dit aan die volgende geslag. ‘n Paar voorbeelde waar Hy ons daartoe oproep:

- Deuteronomium 4:9 - *Neem jou net in ag en wees terdeë op jou hoede, dat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie, en dat hulle uit jou hart nie wyk al die dae van jou lewe nie; en jy moet dit aan jou kinders en jou kindskinders bekend maak.*
- Josua 4:21-24 - *En hy het met die kinders van Israel gespreek en gesê: Wanneer julle kinders later hulle vaders vra en sê: Wat beteken hierdie klippe? dan moet julle dit aan julle kinders bekend maak en sê: Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek, deurdat die HERE julle God die water van die Jordaan voor julle uit laat opdroog het, totdat julle deurgetrek het, soos die HERE julle God gedoen het met die Skelfsee wat Hy voor ons uit laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het; dat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van die HERE sterk is, sodat julle die HERE julle God altyd mag vrees.*
- Psalm 78:3-4 - *Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het.*

nie net feite nie, maar ook warmte en ‘n intieme verhouding word oorgedra

Hierdie opdrag aan die Israeliete om die groot dade van die HERE deur te vertel, is nie net gerig op die oordrag van die feite as sulks nie. Dit gaan ook oor die manier waarop dit gedoen word: vertel dit! Hy ken ons, want Hy het ons gemaak. Hy weet hoe alles binne-in ons werk. Nie net die feite moet bekend wees nie, maar ook die warmte, die intieme verhouding moet oorgedra word.

OM TE VERTEL IS DIE BESTE

Wat van voorlees? Hoe mooi sommige mense dit ook kan doen, dit kom nie naastenby by 'n verhaal wat self vertel word nie. 'n Voorbeeld: Op pad huis toe is jy betrokke in 'n kettingbotsing. As gevolg daarvan kom jy eers laat by die huis en is die kinders al in die bed. Jy gaan kry pen en papier en gaan sit by die tafel. Dan skryf jy alles neer wat jy beleef het: die mis, die harde slag, hoeveel motors daarby betrokke was, hoe jy dit ervaar het, die wegsleep van jou motor en hoe jy by die huis gekom het. Die volgende oggend aan tafel lees jy aan die kinders voor wat jy die vorige aand neergeskryf het. Dit werk mos nie so nie. Selfs al sou 'n foto daarby wees. Jy moet die verhaal tog self vertel. Eers dan maak dit werklik indruk.

Dieselfde geld vir die voorlees van Bybelverhale. Daarmee bly jy meer op 'n afstand. Deur jouself goed in te leef in 'n verhaal en dit dan vanuit jouself te vertel, kan jy dit baie nader aan die kinders bring. Is dit moeilik? Dit kos wel baie moeite. Jy moet tyd daaraan bestee. Maar om te vertel as sulks is nie so moeilik nie. Elkeen van ons vertel elke dag oor iets wat hy of sy ervaar het. Jy dink nie eers daaroor na nie. Dit gaan as vanself-sprekend. Dus, basies het jy die vertelkuns in jou. Is dit lastig? Ja, in baie gevalle is dit seker so.

die opdrag om te vertel oor die groot dade van God is in die eerste plek aan die vaders gegee!

As 'n mens nader daarop ingaan, blyk dat dit die lastigste is dat jy iets van jouself moet gee. Maar dit geld vir elke diepgaande gesprek met jou kinders oor die ware dinge van die lewe. Die basis van die oordrag van jou geloof lê daarin dat jy die Bybelverhale self eenvoudig vertel.

Daarom verdien dit aandag om jou daarin te bekwaam, in die belang van die gelowige opvoeding van jou kind.

VADERS WAT VERTEL

Jy kan die vertellings oorlaat aan die onderwysers by die skool of aan die moeder van die gesin. Maar dan bly 'n wesenlike deel eenkant lê. Die opdrag om te vertel oor die groot dade van God is in die eerste plek aan die vaders gegee! (Kyk o.a. Josua 4:21). Die geloofsopvoeding begin in die gesin. Daar word die grondslag gelê. Ondersoeke het aan die lig gebring dat die ouers die meeste invloed het as dit kom by geloofsoordrag. En van die ouers het veral die vader die grootste invloed. Daarom die oproep: Vaders en moeders, laat jou kinders jou geloof sien. Vertel aan hulle daarvan. Waar die hart van vol is, daaroor kan die mond tog nie swyg nie.

In elk geval sal dit dubbele wins oplewer: Jy as verteller word self eers ryker deurdat jy jou in die Bybelverhaal inleef. En daarna kan dit nie anders nie: hierdie rykdom word uitgestraal na die hoorders, groot en klein. Daarom word met nadruk weer na vore gebring: laat ons hierdie ou, beproefde tegniek, die opdrag van God, weer ons eie maak. Tot heil van die volgende geslag.

ELKEEN KAN DIT DOEN!

Hoewel elkeen die vertelkuns van nature in hom moet hê, het die meeste mense dit verleer. Ons is amper te bang om dit te doen. En dit is jammer. Erger nog, dit is 'n geleentheid wat verbygaan! Want elkeen kan vertel.

Hier volg tien wenke om 'n paar stappe in die regte rigting te doen:

1. Om te vertel verg voorbereiding. Lees die verhaal in die Bybel goed deur en probeer om agter te kom wat die bedoeling daarvan is. Wat moet ek vertel? Hoekom?
2. Gebruik die kinderbybel net ter wille van die wyse van vertelling en nie vir die inhoud nie, aangesien dit nie altyd korrek is nie.
3. Leef jou in die verhaal in en kies 'n posisie van waaruit jy vertel. As jy bv. kies om die posisie van toeskouer in te neem, let daarop dat dit so bly gedurende die hele verhaal tot die einde.
4. Wie is die hoofkarakter? Probeer om soveel as moontlik oor hom of haar te wete te kom, sodat jy die persoon goed kan plaas.
5. Vertel in die teenwoordige tyd.
6. Gebruik kort sinne.
7. Bring die karakters al pratende in. Speel hulle na.
8. Lyk bly as jy oor vreugdevolle dinge praat. Lyk kwaad en praat kwaai as kwaadheid ter sprake is. Oefen vooraf voor die spieël.
9. Kyk na jou luisteraars. Hulle wil jou ook graag sien.
10. Sluit die verhaal duidelik af. Sprokies eindig meestal met die sin: en hulle het nog lank en gelukkig geleef. Dit pas nie by Bybelverhale nie. Kies egter 'n gepaste sin waarmee jy die verhaal afsluit. Dan kan die luisteraars stoom afblaas en reageer. Want dit sal hulle graag wil doen.

Dis dalk 'n mooi uitdaging om tydens die Kerstyd te probeer vertel aan die hand van die Kersevangelie.

Vertaling van 'n artikel deur JJD Baas in: *De Reformatie*, jaargang 80 (12), 18 Desember 2004, n.a.v. ***Iedereen kan een verhaal vertellen*** deur Bob Hartman (uitg. Ark Boeken). ¤

DIE WÊRELD NÁ IMMANUEL KANT

Ds E Viljoen

SAMELEWING

U het dit al opgemerk – wanneer u oor God praat, vind almal dit nie so vanselfsprekend dat dit enigsins moontlik is nie. Dit het eintlik onmoontlik geword om oor God te praat, sonder om daarmee saam baie meer te sê. Daar is onmiddellik baie wat u moet verduidelik oor wie hierdie God is van wie u praat en hoe dit enigsins moontlik is dat u met sulke stellige sekerheid kan sê u ken Hom. Die onbevangenheid waarmee en eenvoudige manier waarop vroeër oor God gepraat kon word, het verdwyn. Dit het problematies geword om die eerste artikel van ons Geloofsbelydenis ter sprake te bring. Hoe kan dit?! 'n Belangrike rede hiervoor, is dat ons in 'n wêreld lewe na die wêreldberoemde filosoof Immanuel Kant. Ons word eenvoudig nie meer toegelaat om dinge oor God te sê wat ons graag wil nie.

KENNISMAKING

Wie was díé man wat die wêreld waarin ons vandag leef, so ingrypend beïnvloed het? Geen filosoof of teoloog het so 'n groot invloed gehad op die verloop van die teologie en filosofie van die negentiende en twintigste eeue as die man van Skotse afkoms nie. Ten minste, sy grootvader het aan die einde van die sewentiende eeu vanaf Skotland na Duitsland geëmigreer.

Sy van is eers "Cant" gespel. In Duitse uitspraak word dit natuurlik "Sant" en uiteindelik "Zant". Die filosoof Immanuel, het dit laat verander na "Kant". Hy is gebore in Königsberg, Oos-Pruise op 22 April 1724. In sy geboortestad het hy vanaf 1755 tot sy dood in 1804 filosofie aan die plaaslike universiteit doseer. In sy jeug het hy teologie gaan studeer met die oog op die Woordbediening en hierdie studies voltooi. Hy het by geleentheid gepreek, maar nooit predikant geword nie.

NÁ DIE VERLIGTING

Kant het geleef in die volle nawerking van die denke van die sogenaamde "Verligting" (Aufklärung) wat in Duitsland groot invloed uitgeoefen het. Die feit dat denkers wat die teologie in die negentiende eeu baie sou beïnvloed, nl. Immanuel Kant, G.W.F. Hegel en Friedrich Schleiermacher almal Duitsers was, gee iets weer van die invloed van die denke van die Verligting in Duitsland. Vrae is gevra oor die plek van die godsgeloof in die wêreld en godsdiens in die lewe van die mens. Kant het op sy manier 'n plek wou gee aan die godsdiens in die etiese en morele aspekte van ons lewe.

Kant se probleme met Abraham wat van die Here die opdrag gekry het om sy seun, Isak, te gaan offer, laat ons iets sien van die plek wat hy aan die geloof in God gegee het. Vir Kant was die opdrag van die Here aan Abraham totaal onvanpas en onaanvaarbaar. Met sekerheid kon hy sê dat hy nie sy seun sou offer nie. Dit kan tog nie volgens sy eie morele en etiese insigte nie! Van hierdie etiese insigte het hy groot sekerheid. Waarvan hy nie seker kon wees soos Abraham dit was nie, is dat dit werklik God was wat die opdrag gegee het. Selfs al sou hy 'n stem regstreeks uit die hemel kon hoor wat vir hom die opdrag gee, sal hy geen sekerheid oor God kon hê nie.

Die opdrag aan Abraham is volgens Kant "onsedelik". Onvanpas. Vóór Kant is dit vanselfsprekend aanvaar dat God só 'n opdrag kon gee. Hy is immers God en ons leer Hom ken uit sy Woord. Ook sy woord aan Abraham. Geloof in God gaan vooraf aan alles. Dit is vanselfsprekend. Vir Kant nie meer nie. Vir Kant dink jy eers na oor wat goed en moreel is en vorm dan jou idee van wie en wat God is en kan wees. Die vanselfsprekendheid dat daar eerste aan God gedink word, selfs in die mees onbegryplike gebeure op aarde, verdwyn by Kant.

Geloof in God wat sy hand het selfs in die mees onverklaarbare menslike- en natuurrampe op aarde begin verdwyn. Geloof wat bereid is om ons rede te onderwerp aan wat God in hierdie wêreld kan en mag doen, word 'n vreemde geloof. Die vertrouensvolle oorgawe in God wat dinge doen wat indruis teen wat ons "goed" vind, word onaanvaarbaar. Die afstand tussen geloof en die God wat sy eie Seun oorgee tot in die dood, groei vir Kant onoorbrugbaar groot. Verlossing kan tog nie moontlik wees by 'n (immorele) God wat bereid is om te laat doodmaak om iets goed te bereik nie?! Die brug tussen geloof en rede (verstand) word 'n brug te ver.

SUBJEKTIEF

Dit waarvan ons seker kan wees, word bepaal vanuit die subjek (mens). Dit is sekerlik die hooftema van Immanuel Kant se denke en sy invloed op ons tot vandag. In sy *Kritik der reinen Vernunft* (Kritiek op die suiwer rede) uit 1781 sê Kant dat ons oor die werklikheid buite onsself niks met sekerheid kan sê nie. Ons ken met ons verstand en dit wat nie tot die kategorie van ons verstand hoort nie, kan ons geheel en al nie bedink nie. Dit pas nie in ons denkraamwerk in nie.

Wanneer ons byvoorbeeld ‘n voorwerp sien, sien ons wel iets. Maar dit ons self wat daaraan eienskappe en identiteit toeken. Ons besluit wat die kleur, vorm en grootte daarvan is. Of dit egter in werklikheid wel so is, weet ons nie seker nie. Daar is geen manier om dit te toets nie. Toetsing sou alleen moontlik wees as jy die objek self sou kon ondersoek. Maar só ‘n ondersoek sou op sy beurt slegs weer via ons eie waarneming kon gebeur. In alles wat ons ken, is ons self betrokke. Kennis is subjektief. Die voorwerp buite onsself bly vir ons onkenbaar. *Das Ding an sich* (die objek self) kan nie geken word nie.

EENSAAM EN ALLEEN

Alles wat ons ken, is vasgevang in beelde van ons eie verstand. Beelde wat ons eie verstand skep. Wat buite ons verstand is bly ‘n groot geheimenis. ‘n Misterie. God ook. Alles wat ons oor God sê is subjektief. Dalk is Hy heel anders as wat ons dink. Hy het dalk totaal ander eienskappe as wat ons dink. Eintlik is ons blindes wat in die donker tas en dink ons ken God.

God is buite ons en ook verhewe bo tyd en ruimte. Ons kan alleen oor God dink in menslike begrippe. Ons sal byvoorbeeld sê God in ***on***beweeglik. Of Hy is ***bo*** ons. Hy is ***on***verganklik, sonde***loos*** en ***on***sienlik. U sien ons praat oor God in menslike terme. Volgens Kant kan dit dan nie oor die ware God gaan nie. Ons ken net ons eie beelde oor God. Mense is met hulle denke oor God met hulle self besig. Hulle is alleen. Elke vorm van denke oor God is uitgesluit. Kant wil God God laat wees – glad nie te vereenselwig met ons wêreld en tyd nie. Hy wil God nie vereenselwig met ons menslike idees nie.

SELFVERSTAAN EN ONSEKERHEID

Dit is verseker nie oordrewe om te stel dat die gedagtegoed van Immanuel Kant ‘n waterskeiding in die denke van die Westerse wêreld veroorsaak het nie. Ook in die teologie van die Weste. Daarby bedoel ek ten minste twee dinge.

In die eerste plek het daar in die lewensbeskouing van mense ‘n skuif plaasgevind. ‘n Skuif weg van God na die mens. Die mens kom in die middelpunt te staan. Daar word gedink vanuit die mens. Kennis is nie meer in die eerste plek kennis van iets wat die mens te bowe gaan en buite die mens is nie. Kennis is nie meer goddelike waarheid nie. Hoe langer hoe meer word in die Westerse wêreld kennis beskou as dit wat beperk is tot die menslike en aardse dinge. Kennis is selfkennis. Nie meer kennis van God nie. Godsdiens word ‘n manier om mense (en veral onsself) beter te verstaan. Hierdie kennis het ook niks te doen met goddelike sekerheid nie. Kennis is beperk tot die horison van die mens. So ver as wat my gedagtes kan gaan, so ver gaan my kennis.

Vervolgens en ook in noue aansluiting by die eerste punt, het Kant se filosofie tot gevolg dat alle teologie onseker word. Geloofskennis is nie meer ‘n sekerheid nie. Alle gepraat oor geloof wat ‘n bewys is van die dinge wat ons nie sien nie, word vir Kant onbegryplik. Geloofskennis gee geen sekerheid nie, maar eerder onrustigheid. Dit is ook die bedoeling van geloofskennis.

HORISON

God kan geen voorwerp van ons kennis meer wees nie. Kant glo dat mense altyd oor God sal bly praat, want dit kan nou eenmaal nie anders nie. Mense bly gewoon oor God praat. God word dan egter wel eerder meer iets van die “goddelike” aspekte van ons lewe. “God” word ‘n begrip, gedagte en woord wat te doen het met menslike taal. Dit is ‘n woord wat ons herinner aan dit wat ons self geen kennis van of in elk geval geen greep op het nie. Wat ons ook al dink oor “god”, het dit in elk geval niks met “kennis” te doen nie.

Hier lê die grootste rede waarom dit vir u en my moeilik geword het om vandag in ‘n 21’ste eeuse Suid-Afrika oor ons God te praat met mense. Ons kom agter dit is nie meer so vanselfsprekend dat mense verstaan waarvan (van Wie) ons praat as ons van “God” praat nie.

Daar skuil natuurlik ook die gevaar dat as ons self nie goed daarop let nie, ons met mense kan praat oor God en die illusie beleef dat ons goed kommunikeer, maar eintlik oor twee totaal verskillende sake praat. Vir baie het “god” bloot die diepste verstaan van die mens self geword. ‘n Woord wat verwys na die diepste wese van ons mense self. Of dit word as woord wat gebruik word om ons menslike beperkings (horisonne) aan te dui. Dit dui die uiterste grens aan waaroor ons kan dink of wat ons kan beleef. Wil ons vandag as Christene getuies wees van die God en Vader van ons Here Jesus Christus, dan sal ons deeglik kennis moet neem van die gedagtewêreld waarmee ons vandag gekonfronteer word. Ons sal ook moet leer om krities na onsself moet kyk in die manier waarop ons oor God vandag en in die verlede gepraat het. In dit alles kan ons, dank God!, uit die Skrif wat werklik God se Woord is, verder … ¤

DIE SONDAG ONDER DRUK

JP van der Wal

KERKLIKE LEWE

In De Wekker skryf prof CG den Hartog oor 'n verskynsel waarmee ook ons kerke dikwels te doen kry: die afnemende kerkbesoek van die aanddienste. Hy sê verskeie dinge om ter harte te neem:

In Nederland is onlangs herdenk dat die Tweede Wêreldoorlog sestig jaar gelede geëindig het. Bevrydingsdag, soos dit in Nederland genoem word, het hierdie keer saamgeval met Hemelvaartsdag. Dit het mooi bymekaar gepas, want die ware bevryding is mos geleë in die genade van die Koningskap van Christus. Dat die viering van Bevrydingsdag begin het met 'n kerkdiens waarin die troonbestyging van Christus sentraal gestaan het, kon dus eintlik nie beter nie. Ware vryheid moet gevul word met inhoud, steeds weer.

In die Tweede Wêreldoorlog het die Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer, wat in die laaste weke van die oorlog gehang is, diep nagedink oor die vraag: hoe verder na die oorlog? Dit het hom daartoe genoop om in sy werk *Ethik*, waaraan hy in die begin van die jare veertig gewerk en wat hy nooit voltooi het nie, ook 'n ontwerp vir 'n skuldbelydenis van die kerk op te neem. Dié ontwerp het hy geskryf in die tweede helfte van 1941, toe die Duitse leërs in Rusland vertoef het en Hitler op sy magtigste was en sy gewildheid 'n hoogtepunt bereik het. Bonhoeffer het dit nodig geag dat die kerk in Duitsland na afloop van die oorlog 'n skuldbelydenis sou uitspreek. In sy ontwerp praat hy ook oor die vierde gebod, en hy sê: "die kerk bely haar skuld aan die verlore gaan van die rusdag, aan die doodsheid van haar erediense, en aan die veragting van die Sondagse rus. Sy het haar skuldig gemaak aan die rusteloosheid en onrus, asook aan die uitbuiting van die arbeidskrag bo 'n normale werksdag uit, omdat haar prediking oor Jesus Christus swak en haar eredienste kragteloos was."

Aan hierdie verwysing na die vierde gebod voeg hy tegelykertyd 'n verwysing na die vyfde gebod toe: "Die kerk bely dat sy skuldig is aan die ondermyning van die ouerlike gesag. Die kerk het die veragting van die ouderdom en die verering van die jeug nie weerspreek nie, uit vrees om daardeur die jeug en daarmee die toekoms te verloor – asof die jeug haar toekoms is! Daardeur is sy skuldig aan die verwoesting van ontelbare gesinne, aan die verraad van kinders teenoor hul vaders, aan die selfverafgoding van die jeug en daarmee aan die prysgewing van die jeug aan die afval van Christus."

Hierdie dinge moes vir Bonhoeffer swaar op die hart gedruk het. In die Europese somer van 1944, toe hy al langer as 'n jaar in die tronk was, skryf hy 'n verklaring van die Tien Gebooie waarin hy ook oor die rusdag skryf. Daarin noem hy die Sondagsrus die sigbare teken dat die mens uit die genade van God lewe, en nie uit werke nie. Hy voeg daaraan toe dat die Sondagsrus die onmisbare vooronderstelling van die Sondagsheiliging is, en die Sondagsheiliging die inhoud van die Sondagsrus.

Dis opmerklik dat 'n man soos Bonhoeffer soveel waarde aan die Sondag geheg het! As volgens hom die aantasting van die rusdag en die Sondagsheiliging 'n rol gespeel het in die aanloop tot die nasionaalsosialisme en uiteindelik die gruwelikhede van die Tweede Wêreldoorlog, wat staan dan nie vandag op die spel nie?

DIE TWEEDE EREDIENS ONDER DRUK

Om te begin word gekyk na watter argumente almal na vore gebring word in die diskussie oor die tweede erediens. Gaan dit eintlik maar net oor die tweede erediens?



Een ding wat wel duidelik is: almal kom agter dat die bywoning van die aanddiens afneem, en dit is broodnodig om ons te besin oor die vraag hoe dit verder kan en moet gaan. Maar as 'n mens mooi luister, hoor jy teenstrydige geluide.

Ons het ervaring van gemeentelede wat op geen enkele manier aangespreek wil word oor hul afwesigheid tydens die aanddienste nie. As 'n mens 'n aantal vrugtelose gesprekke gevoer het, het 'n mens meer as genoeg daarvan gehad. In elk geval neem die lus en die moed om by 'n volgende besoekpunt weer daaroor te praat, sterk af.

'n Mens weet ook reeds tevore wat hulle verweer hierteen gaan wees. "Waar in die Bybel staan dit dat 'n mens twee keer kerk toe moet gaan? Nêrens? Nou sien!" Hieruit blyk 'n manier van omgang met die Bybel wat 'n mens tot treurigheid stem. Want hieruit spreek afstand en vervreemding van die dinge van die geloof! In sulke verwerings kom in elk geval nie 'n egte geestelike houding na vore nie.

Mense beweer ook dat die tweede erediens net by ons die gewoonte is, en dat dit ons eintlik belaglik maak. "Wanneer ons met vakansie gaan, is die kerklike lewe elders heeltemal anders, en die Sondag is ook nêrens soos by ons nie." Hierdie argument word egter selde gebruik wanneer dit kom by biltong, beskuit of koeksisters. Daarvan neem ons graag die nodige saam wanneer ons oor die landsgrense gaan. Maar nog belangriker: dit is weer eens nie 'n inhoudelike argument nie. Dit is 'n dooddoener.

'n Beswaar wat minder geopper word, is dat dit moeilik is om twee preke per Sondag in jou op te neem. Mense dink terug aan die tyd toe dit nog ongehoord was om reguit te sê dat die tweede diens na jou mening nie nodig is nie of dat jy geen behoefte daaraan het nie. Ons is nou verder in die tyd en mense sê soms, sonder om doekies om te draai, dat hulle net een keer kom. En sommiges het selfs al daaraan toegevoeg dat hulle dit doen sodat hulle nie voorgestel sal word as kandidate vir die kerkraad nie.

Besef hierdie mense ooit dat hulle met hierdie argumente hulself verraai? Verraai, omdat hulle nie voortdurend die vraag voor oë hou hoe ons optimaal inhoud kan gee aan die lewe met die HERE nie? Verraai, omdat die kultuur hul denke baie meer beïnvloed het as wat hulle self besef? Dit gaan nie om die tweede erediens as sulks nie, maar om die feit hoe ons met en vir die HERE lewe.

Verder is daar ook druk vanuit die evangeliese rigting. Daar is die voorbeeld van 'n egpaar wat oorgegaan het na 'n evangeliese gemeente. Die vrou het later vertroulik vertel dat sy moeite gehad het om gewoond te raak aan net een kerkdiens en 'n Sondag wat totaal anders is. Tydens hul vakansie het hulle op die eerste Sondag nie sover gekom om kerk toe te gaan nie; die tweede Sondag sou hul seun miskien nog 'n draai kom maak, dus het hulle ook maar albei tuis gebly. Dit alles sogenaamd in die naam van Christelike vryheid, maar hulle het nie onderken nie dat die hart van Christen-wees hier in die geding is. Dit is nie net 'n kwessie van een of twee eredienste nie, maar van: in watter teken staan die Sondag?

Vertaling van: ***De Zondag onder druk*** deur JP van der Wal. ¤

ICRC-KONFERENSIE

Nederlandse Dagblad

RONDOM DIE KERK

Mnr Bergmark en andere - hard besig om te werk gedurende 'n aftydjie

Die ICRC (International Conference of Reformed Churches), 'n internasionale verband van 22 gereformeerde kerke, het van 13 tot 19 Oktober in Pretoria, (Suid-Afrika), bymekaar gekom. Gerard ten Horst, redakteur van die Nederlands Dagblad, het baie interessante gesprekke gevoer met onder andere Yonson Dethan en Moses Ngunlei Thang.

'MOENIE OOR MOSLEMS OORDEEL NIE'

Die Indonesiese voorganger Yonson Dethan (36), een van die afgevaardigdes. werk op die eiland Timor, en was met sy entoesiasme en dryfkrag 'n opvallende deelnemer by die konferensie. Hy is baie uitgesproke oor die plig van kerke en Christene om die Evangelie uit te dra.

"U het verlede Sondag in 'n Gereformeerde kerk in Pretoria gepreek. Waaroor het dit gehandel?"
"Dat ons die genade van God in Christus ontvang het, en dat dit ons 'n plek gee in die liggaam van Christus. Dit vra opoffering van liggaam sowel as gees. Paulus spreek hier oor broers, waardeur hy die Jode, Grieke en heidene aanspreek. Dis belangrik vir Suid-Afrika, waar 'n groot diversiteit van kulture is. Ons is broers en susters van mekaar, ongeag velkleur, ras, rykdom of armoede."

"Wat het u hier op die ICRC-konferensie geleer?"
"Daar heers 'n baie goeie atmosfeer onder die afgevaardigdes hier. Ons ontmoet mekaar, en ons vorm 'n hegte gemeenskap. Ek geniet hierdie band dis waaroor dit in die Christelike eenheid gaan Ek het geleer dat 'n kerklike kultuur nie bo die Skrif mag uitgaan nie. Self dink ek dat ons hier aan die jong

Prof Maris, Ds Yonson Dethan, Ds David Robertson en Dr Arjan de Visser

Christene moet dink. Die Psalms is baie goed en dis bybels om dit te sing, maar wanneer jongmense die wysie nie aantreklik vind nie, waarom probeer ons dan nie ‘n nuwe melodie nie?”

“Is dit ‘n probleem in Indonesië?”
“Ons sing die Psalms op Europese wysies. Dit pas egter nie in ons kultuur nie. Wanneer ons so sing, moet dit ons nie verbaas as die jongmense na Pinkster- en Evangelie gemeentes oorloop nie. Die oplossing daarvoor? Daarop moet ons as kerk ‘n antwoord vind, waarby ons Christus en die kerk in die middelpunt stel.”

“U werk op Timor onder Moslems. Het u dalk raad vir Christene hoe om met Moslems om te gaan?”
“Moenie vergeet dat Moslems ‘n ander kultuur en agtergrond het nie. Asseblief leer van hulle, en moet nie op hulle neerkyk nie. Leer van hulle hoe om met ander om te gaan en hoe om vriende te maak. Probeer kontak maak. Moenie oor hulle oordeel nie, ons as Christene het wel die neiging om dit te doen. Vroeër of later sal die konfrontasie in die gesprek kom, maar begin om jou liefde vir hulle te wys. Wees vriendelik, gasvry, probeer hulle verstaan, en bid sonder ophou dat jy met hulle oor die geloof mag spreek. En dan is dit tyd om ‘n gesprek te begin. Wanneer die gesprekstof konflik veroorsaak, moenie die ander onder druk sit nie. Wanneer jy forseer gaan dit verkeerd. Christene moet getuig, alleen God kan bekering skenk.”

“Meestal lewe Christene en Moslems in aparte wêrelde. Hoe kan Christene by Moslems uitkom?”
“Jesus het sy lewe geoffer vir ons, en Hy vra ons om tyd en energie op te offer. Gaan jy verstandig met jou tyd om, gebruik jy dit in die Koninkryk van God? Doen alles wat jy doen vir God. Dit is die eerste. Ek was in Nederland gewees en dit het my opgeval dat dit soms moontlik is om kort gesprekke te hê met Moslems, nie langer as twee tot vyf minute nie. Om lank en uitgebreid te praat is nie altyd nodig nie.

Moslem- leiers sal probeer om die Christendom in ‘n verkeerde daglig te stel. Dis hoekom dit so belangrik is om vriendelik en gasvry te wees. So kan die Moslem dalk wonder wie hier die waarheid spreek—my leier of my vriend. Dit kan hulle tot ander insigte bring. Moenie ‘n ‘wel waar-nie waar”—diskussie begin om jou eie gelyk te wil bewys nie. Jesus het dan juis vir daardie mense gekom wat siek is en ‘n dokter benodig, en nie vir gesonde mense nie. Wanneer dit gebeur dat jy ‘n grens bereik in jou kontak met die Moslems, bly bid. Want aan God is alle mag.”

“Wat beteken dit vir u om Gereformeerd te wees?”
“Om so na as moontlik by die Skrifte te bly. Wanneer daar iets is wat teen die Skrif ingaan, moet jy in aksie kom. Maatstaf is nie die tradisie nie, of die menslike gedagtes nie. Dit pla my nie baie om sake in die kerk te verander nie. Die kerk is nie staties nie, maar dinamies, in lyn met die Skrif.”

~ ~ ~ ~ ~

‘DEEL WAT ONS HET’

Deelnemers en afgevaardigdes van die ICRC was afkomstig uit alle oorde van die wêreld -byvoorbeeld ook uit Mianmar.

Mianmar, (vroeër Birma) ‘n land in Suidoos-Asië, staan bekend as ‘n geïsoleerde land met ‘n streng diktatoriale regering. Wel was daar twee verteenwoordigers van die ‘United Reformed Churches’ in Mianmar as waarnemers op die byeenkoms van die (ICRC). Die tweeledige afvaardiging word gelei deur die 62-jarige Moses Ngunlei Thang Zahau, ‘n blymoedige en optimistiese predikant uit die hoofstad Jangon (vroeër Rangoen).

“Mianmar staan bekend as ‘n geïsoleerde land?”
“Dit is vandag meer oop en daarom, dink ek, het ons

Die besoekers uit Mianmar

Die nie-amptelike fotograwe tydens die amptelike foto-sessie

nou ‘n visum ontvang om na Suid-Afrika te reis. Vier jaar gelede, toe die konferensie in Philadelphia was, kon ons dit nie regkry nie. Hoekom die land meer oop is weet ek nie. Daaroor word nie in die koerante geskrywe nie. Ek kry die indruk dat dit te doen het met die lidmaatskap en die invloed van die ‘Asean’, ‘n assosiasie van tien Suidoos-Asiatiese lande.”

“Hoeveel gemeentes en lede tel u kerkverband en wat is die geskiedenis?”
“Daar is agtien gemeentes met altesaam ongeveer 1800 lede. Dit is in 1993 deur myself begin as ‘n klein kerkie. Voor dit was ek assistent-voorganger in die ‘Evangelical Presbyterian Church’.”

“Na wat verneem word is daar baie los gereformeerde kerkverbande in Mianmar?”
“Daar is dertien, party in naam, ander hou hulle aan die gereformeerde belydenis. Die rede van die aantal lê daarin dat voorgangers, sonder om dit van mekaar bewus te wees, in die buiteland ‘n gereformeerde teologiese opleiding gevolg het, en daarna ‘n gereformeerde kerk in Mianmar gaan stig het. ‘n Ander oorsaak lê in die feit dat Mianmar baie groot is en baie stamme ken. Die verskillende gereformeerde kerke werk in verskillende dele van die land.”

“Is dit moeilik om ‘n Christen te wees in Mianmar?”
Ons kan missionêre werk doen, maar dit hang baie af van die plek self hoe dit gedoen word. Partykeer stuur ons sendelinge, ander kere word hulle as onderwysers uitgestuur. Soms sluit ons eers vriendskap met die plaaslike bevolking om daarna oor die Evangelie te praat. In Mianmar mag ons nie kerkgeboue bou nie, maar wel huise, daarom aanbid ons God daar. Vyf-en-tagtig persent van die bevolking is Boeddhiste. Dis baie moeilik om hulle te bereik. Die Christendom word gewoonlik as ‘n westerse godsdiens gesien.”

“Hoe reageer u dan?”
“Ek was ongeveer nege jaar oud toe ons dorp bedreig is deur vyande. Daar het toe Christelike sendelinge gekom en die hele dorp het binne ‘n paar jaar Christelik geword. In die tyd het ek gehoor dat Jesus Heer is en ons na Hom toe gaan as ons sterwe. Verder ook dat God magtig is en alles geskape het. Eers in 1986 het ek rêrig tot bekering gekom, toe het ek Christus leer ken en het Hy my Redder geword. Daar het toe vrede in my hart gekom en ek het alles in sy hande gelê. Ek het Hom leer vertrou.”

“Hoe het u tot stigting gekom van die Gereformeerde kerk waarvan u nou lid is?”
“Ek was assistent-voorganger van die ‘Evangelical Presbyterian Church’, maar wou in 1993 as sendeling begin werk. My voorganger wou my egter nie uitstuur nie, met name omdat daar finansiële probleme was. Ek het tog daarop bly aandring. Uiteindelik het hulle my laat gaan en het hulle my ook geseën, maar omdat ek nie uitgestuur is nie, het dit my buite die kerkverband geplaas. Daarna het ek ‘n baie moeilike tyd gehad; daar was min om te eet en ons het baie gely. Nou het ons ‘n beperkte inkomste en kos; ek het agtergekom dat God krag gee.”

“Wat verwag u van die toekoms?”
“Mianmar is baie groot en daar is baie gebiede wat nie bereik is nie, dus is daar baie werk om te doen. Ons sal voortgaan om te getuig, ook al is daar ‘n groot tekort aan geld. In Jangon is ons besig met die bou van ‘n nuwe huis. Die huis waarin ons ons dienste gehou het is in Februarie afgebrand vanweë ‘n kortsluiting in die elektrisiteit. Hoewel die wind ongunstig was het die nabygeleë huise nie aan die brand geraak nie, waarvoor ons God dank. Sou dit wel gebeur het was ons dalk gevange geneem en sou die owerheid ons grond in beslag geneem het. Nou het ons nog die grond en inmiddels het ons ook weer toestemming gekry om te bou.”

“Kan westerse Christene leer van Christene in Mianmar?”
“Die belangrikste is dat ons vashou aan die Bybel. As kerke lê ons sterk nadruk op die vorm van ‘n hegte Christelike gemeenskap. Dit is dringend nodig, want wie as Bhoeddis tot geloof kom, word deur die familie verstoot. Boonop trek ons kerk gewoonlik die allerarmstes uit die omgewing. Alles wat ons het deel ons dus met mekaar. ¤